



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 - 2018

JAARVERSLAG 2021

**Verantwoordelikhedsentrum:
Strategie en Internasionalisering**


Prof Hester C. Klopper
Universiteit Stellenbosch
September 2021



forward together | sonke siya phambili | saam vorentoe

VOORWOORD	4
ERKENNING	5
INLEIDING	6
WAARDEPROPOSISIE	7
ORGANOGRAM	8
 KERN STRATEGIESE TEMA 1: 'n Florenderende Universiteit Stellenbosch	 9
1.1. Die ontwikkeling van 'n nuwe US-handelsmerk	11
1.2. Kwessiebestuur en Uitvoerende Kommunikasie	13
1.3. Taalkommunikasie	13
1.4. Strategiebeplanning op institusionele vlak	15
1.5. US se institusionele kultuur op grond van waardes	16
1.6. Die US se gedragkode	17
1.7. Strategiese Fonds	18
1.8. Hernuwingstrategie vir die KKBA	19
1.9. Erkenning van uitnemendheid vir Korporatiewe Kommunikasie	19
1.10. Herontwikkeling van die webwerf	20
1.11. Korporatiewe Kommunikasie	21
1.12. Covid-19-verwante interne kommunikasie	21
1.13. MFM 92.6	22
1.14. Verfyning van die strategiese bestuursaanwysers	23
1.15. Visualisering van data	25
1.16. Jaarlikse eksterne oudit van personeel- en studentedata	27
1.17. Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting	27
1.18. USAf – Forum oor die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting	28
1.19. Privaatheidsimpak-selfassessering	28
1.20. HEMIS-SUN-i-SUNStudent	28
1.21. Opnames	28
 KERN STRATEGIESE TEMA 2: 'n Transformerende studente-ervaring	 29
2.1. Globale onderriggeleenthede vir studente	31
2.2. Inkomende en Uitgaande Studente vir 2020	32
2.3. SKEMA-vennootskap	33
2.4. Studente-kommunikasieveldtogte	33
2.5. US Opedag 2021	34
2.6. Skakeling met voornemende studente	35
2.7. Data-ondersteuning vir Dell Young Leaders-program	35
 KERN STRATEGIESE TEMA 3: Doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke	 36
3.1. Groei in internasionale vennootskappe	38
3.2. Skakeling met vennoot-instellings	39
3.3. Globale vennootskappe en netwerke	40
3.4. International@Faculty-werkgroepe	41
3.5. Vennootskappe en netwerke in Afrika	42
3.6. Viering van die US se Afrika-voetspoor	43
3.7. Skakeling met skole vir studentewerwing	44

KERN STRATEGIESE TEMA 4: Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer	45
4.1. Hibriede mobiliteitsnaaf	47
4.2. Afrika Doktorale Akademie	47
4.3. Eenheid vir gehalteversekering van internasionale kwalifikasies	49
KERN STRATEGIESE TEMA 5: Navorsing vir impak	50
5.1. Ontluikende akademici	52
5.2. Model vir nagraadse toesighouding	53
5.3. FATHUM-projek	53
KERN STRATEGIESE TEMA 6: Voorkeurwerkgewer	54
6.1. Samewerkende virtuele PASD-ontwikkelingsprogram	56
6.2. Toelae vir personeelmobiliteit	56
6.3. SPA's vir Menslike Hulpbronne	56
6.4. Inisiatief vir MH-dataverbetering	57
6.5. Kommunikasie met Personeel	58
SLOT	59
ADDENDUM	60
Addendum A: Nuwe en hernude ooreenkomste wat van Augustus 2020 tot April 2021 aangegaan is.	60





VOORWOORD

Ek voel geëerd om hierdie jaarverslag van die Verantwoordelikhedsentrum (VS) vir Strategie en Internasionalisering aan te bied, aangesien dit die finale verslag is van my eerste termyn van vyf jaar as viserektor aan die Universiteit Stellenbosch (US). Die saamstel van hierdie verslag was dus vir my 'n geleentheid om as't ware 'n oorsig te bied van hierdie VS se bydrae tot die US, en terselfdertyd my blik op die pad vorentoe te rig. Dit was vir my 'n enorme voorreg om hierdie VS die afgelope vyf jaar te lei, maar ook om dit te vestig en te laat groei tot 'n portefeulje wat 'n sleutelrol speel om te verseker dat die US sistemies volhoubaar, fasiliteer belyning van die strategie oor alle entiteite, responsief en relevant is in die steeds groeiende en veranderende globale kenniseconomie. En ek sien daarna uit om nuwe weë te baan om die US se strategiese doelwitte te bereik op sy pad na die toekoms.

Met sy aanstelling in April 2015 het die Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, 'n visie gehad om 'n nuwe VS te vestig wat institusionele begrip van ons strategie en internasionalisering moontlik sal maak. Met my daaropvolgende aanstelling in 2016 het hierdie nuwe inisiatief 'n werklikheid geword. Die afgelope vyf jaar het ek gepoog om met inspirasie 'n span toegewyde personeellede te lei wat daarop ingestel is om die US op sy toekomstige pad te stuur op grond van 'n duidelike visie en strategie. Ek is trots daarop, met volle erkenning en waardering vir die werk wat gedoen is in elk van die afdelings van hierdie VS en die span senior direkteure en personeel, dat die VS talle prestasies behaal het wat waarde toegevoeg het tot die US as 'n hoëronderwysinstelling in Afrika met 'n streeksimpak en globale reikwydte.

Wat die strategie betref, was die VS sentraal in die ontwikkeling van *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019-2024*, die voortgesette implementering daarvan en die daaropvolgende belyning van die strategiese implementeringsplanne van VS'e en fakulteite, sowel as die hersiening van institusionele beplanning. Die operasionalisering van die

strategie het gelei tot selfs meer projekte, waaronder die "US Telkaart", 'n eerste vir die US in die monitering van die bereiking van ons strategie. Norme en standaarde is ook geskep vir akademiese omgewings, sowel as 'n effektiwiteitsmodel. Die VS se strewe om doeltreffende prosesse en verbeterde stelsels te skep, het gelei tot die hersiening van die Strategiese Fondsregulasie, asook tot die instelling van monitering en bestuur van die Fonds. Hierdie projekte het die US se reis na 'n data-geleide universiteit in sy bestuur, strategieë en taktieke vergemaklik.

'n Groot projek vir die VS in 2018 was die herdenking van die US se eeufees. Die aanpassing van ons handelsmerk na die US100-handelsmerk vir die eeufees het nog 'n belangrike projek vir die VS afgeskop, wat sedertdien gelei het tot die bekendstelling van die Universiteit se nuwe handelsmerk in April 2021. Die implementering en voortgesette bestuur van die US-handelsmerk is nou 'n fokusarea vir die VS. Wat internasionalisering betref, het die bekendstelling van die herorganiseerde afdeling US Internasionaal 'n nuwe klem geplaas op die uitbreiding van die Universiteit se globale voetspoor. Dit is versterk deur die ontwikkeling van 'n nuwe internasionaliseringstrategie wat daarop gemik is om globale netwerke te bou, sowel as die totstandkoming van die Institusionele Advieskomitee vir Internasionalisering (IACI) in 2018.

Deur middel van hierdie en vele ander innoverende projekte het die VS inderdaad die US se visie en strategie ondersteun, en sal voortgaan om 'n belangrike rol te speel in die posisionering van die US vir die toekoms. Ek is bevoorreg om hierdie verslag aan te bied as 'n hoogtepunt van my eerste termyn as viserektor, maar ook as grondslag vir die VS se strewe vir die volgende vyf jaar.

Prof Hester C. Klopper
September 2021

ERKENNING

Ek wil graag erkenning gee aan elke personeelid van die Verantwoordelikeheidsentrum (VS): Strategie en Internasionalisering vir hul harde werk wat in hierdie jaarverslag aangebied word. Sonder elkeen van hulle sou die suksesse van die afgelope jaar nie moontlik gewees het nie.

Die VS bestaan uit uiteenlopende kollegas met gespesialiseerde vaardighede wat gesamentlik 'n ontsaglike bydrae lewer tot die verwesenliking van die Universiteit Stellenbosch se Visie 2040 en die doelstellings en doelwitte wat in die *Strategiese Raamwerk 2019-2024* uiteengesit is. Ek is opreg dankbaar teenoor die senior direkteure van die vier

afdelings waaruit hierdie VS bestaan vir hul toewyding en ondersteuning. Ek wil dus veral aan die senior direkteure erkenning gee vir hul bydraes: Prof Ian Cloete (Inligtingsoorsigbestuur), me Christelle Feyt (Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking), mnr Robert Kotzé (US Internasionaal) en dr Barbara Pool (Strategiese Inisiatiewe).

En dan wil ek baie dankie sê aan my persoonlike assistent, me Hazel Alexander, en die VS-bestuurder en koördineerder van hierdie verslag, dr Wayne Muller. Laastens wil ek dank betuig teenoor prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, asook my mede-rektoraatslede vir hul ondersteuning.



Foto 1: Die bestuurspan van die VS: Strategie en Internasionalisering

INLEIDING

Die Universiteit Stellenbosch (US) se *Visie 2040* en Strategiese Raamwerk 2019-2024 lê duidelik die instelling se pad uiteen om sy visie te verwesenlik, naamlik “om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit [te] wees wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder”. Die Universiteit poog om die doelstellings en doelwitte te bereik wat vir elk van die ses kern strategiese temas van sy strategiese raamwerk gestel is, naamlik (1) ’n florerende Universiteit Stellenbosch, (2) ’n transformerende studente-ervaring, (3) doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke, (4) genetwerkte en samewerkende onderrig en leer, (5) navorsing vir impak, en (6) voorkeurwerkgewer. Elk van die sewe verantwoordelikhedsentrums (VS’e) binne die US is daarop gemik om die instelling se sistemiese volhoubaarheid te verseker en toe te sien dat dit in die groeiende en veranderende kennis-ekonomie behendig, responsief en relevant bly.

Met sy waardegebaseerde benadering is die VS: Strategie en Internasionalisering – bestaande uit die afdelings Strategiese Inisiatiewe, Inligtingsoorsigbestuur, Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking en US Internasionaal – daarop gerig om vermoëns te ontwikkel, vaardighede te benut, kennis te deel en dienste te lewer wat die Universiteit se *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019-2024* ondersteun. Die werk wat deur die VS verrig word, dra in mindere of meerdere mate by tot en voeg waarde toe tot die doelstellings en doelwitte van elke kern strategiese tema. Ons werk is dwarsleggend oor die hele universiteit en omvat al hierdie temas, en dit vereis van die vier afdelings om op ’n geïntegreerde wyse te werk om die sewe strategiese prioriteite wat die VS vir 2021 gestel het, te bereik, naamlik:

- Volgehoue implementering en belyning van die US se strategie
- Strategiese posisionering en belyning van die nuwe US-handelsmerk
- Implementering van ’n aksieplan vir belyning met die US Internasionaliseringstrategie
- Uitbreiding van data-ontleding en besigheidsintelligensie vir die US, en werk aan die integrasie van data en inligting vir die SUN-i-stelsel

- Ontwerp en implementering van die monitoring en evaluering van prosesse en strukture wat op die uitvoering en belyning van die institusionele strategie sal fokus
- Uitrol van fase 4, 5 en 6 van die projek vir die herontwikkeling van die webwerf
- Daarstelling van ’n institusionele model vir veranderingsbemaatiging en ’n gemeenskap van praktyk vir veranderingsbemaatiging

Die VS het gedurende die verslagtydperk, van September 2020 tot Augustus 2021, belangrike inisiatiewe gelei wat daarop gefokus was om dié strategiese prioriteite te verwesenlik en sodoende die Universiteit se institusionele visie en strategie te bevorder. Ons benadering was deurgaans om die uitgebreide vaardighede en kennis in die vier afdelings te benut. Die VS het gevolglik verseker dat inisiatiewe wat die vier afdelings dek, geïdentifiseer en ontwikkel is, en het ook die vlakke van sinergie en belyning binne die VS versterk om die vlak van samewerking tussen die afdelings te bevorder. Daarby speel die VS ’n kernrol in die koördinerende en fasiliterende van prosesse om matriks-benader tot samewerking met ander VS’e te bevorder.


Hierdie verslag is volgens die bogemelde ses kern strategiese temas saamgestel en bied ’n oorsig van die aktiwiteite van die VS oor die afgelope jaar as ’n evaluering van die waarde wat tot die US se *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019-2024* toegevoeg is.



WAARDEPROPOSISIE

Die VS: Strategie en Internasionalisering se waardeproposisie behels die volgende:


- Koördineer, beplan en bestuur strategie-ontwikkeling en -beplanning op 'n geïntegreerde manier deur belangrike strategiese projekte te beplan en te bestuur, en strategiese monitoring en evaluering toe te pas wat die US se visie en strategie ondersteun.
- Lei data-ontleding en besigheidsintelligensie deur data uit 'n verskeidenheid bronne te integreer om die US se inligtingsbewaarplekke uit te brei, verspreiding van saamgevatte inligting deur middel van telkaartdata, modellering, scenario-ontwikkeling, bedryfsontleding, digitalisering, en die herontwerp van prosesse. Dit ondersteun organisatoriese ontwikkeling en posisionering, om sodoende 'n data-geleide US in sy oorsigbestuur, strategieë en taktiek te bevorder.
- Ontwerp en implementeer geïntegreerde strategieë en verwante aksieplanne vir bemaking, werwing en kommunikasie om 'n sterk openbare beeld, 'n aantreklike instelling vir voornemende studente en 'n positiewe reputasie te ontwikkel en te bevorder, ten einde 'n klimaat te skep wat bevorderlik is vir die bevordering van 'n florerende US.
- Lei die ontwikkeling en implementering van die institusionele Internasionalisering-strategie, ondersteun belyning en bied ondersteuning vir internasionalisering regdeur die instelling.



Figuur 1: Visuele voorstel van die geïntegreerde waardeproposisie van die VS: Strategie en Internasionalisering

ORGANOGRAM

Die VS: Strategie en Internasionalisering bestaan uit vier afdelings, naamlik Strategiese Inisiatiewe, Inligtingsoorsigbestuur, Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking, en US Internasionaal.



Figuur 2: Organogram van die VS: Strategie en Internasionalisering



KERN STRATEGIESE TEMA 1

'n Florerende Universiteit
Stellenbosch



Die institusionele doelstellings vir 'n florerende Universiteit Stellenbosch is:

- Kweek 'n US wat gekenmerk word deur inklusiwiteit, diep en doelbewuste transformasie, en diversiteit.
- Skep geleenthede vir die bevordering van meertaligheid in akademiese, administratiewe, professionele en sosiale omgewings, en erken terselfdertyd die intellektuele rykdom wat in taaldiversiteit opgesluit lê.
- Verander die grootte, vorm en samestelling van ons studentekorps en van ons akademiese programme om die strategiese rigting van ons visie te weerspieël.
- Skep 'n finansiële volhoubare organisasie.
- Verhoog die standaard van die Universiteit se fasiliteite en infrastruktuur na dié van 'n wêreldklas, navorsingsintensiewe universiteit, wat terselfdertyd visuele regstelling omarm.
- Bewerkstellig diepgaande en volhoubare verandering en vernuwing in alle fasette en funksies van die US om soepel, aanpasbaar en responsief te wees.
- Streef daarna om 'n toonaangewende, navorsingsintensiewe universiteit te wees, wat teen 2024 op ranglyste ingesluit word as 'n voorste wêreldklas universiteit.
- Skep 'n entrepreneurskultuur wat innovasie institusioneel bevorder.

Die VS: Strategie en Internasionalisering het gedurende die verslagtydperk die bereiking van hierdie institusionele doelstellings ondersteun deur middel van die aktiwiteite wat hieronder bespreek word.

1.1. DIE ONTWIKKELING VAN 'N NUWE US-HANDELSMERK

In 2017 het 'n instellingswye audit aan die lig gebring dat meer as 170 logo's deur die verskillende US-omgewings gebruik word. Dit het in 2019 aanleiding gegee tot 'n "handelsmerkvernuwing" om 'n meer verenigde handelsmerk te ontwerp. Die eerste stap was 'n handelsmerkwaardasie en -persepsie-audit deur die onafhanklike diensverskaffer Brand Finance wat getoon het dat die US nie sy bestaande handelsmerk-ekwiteit ten beste benut nie en 'n verskillende handelsmerkposisionering nodig het. Werk aan 'n nuwe strategie vir handelsmerk-posisionering het in November 2019 met die aanstelling van die handelsmerkagentskap Boomtown begin. Die US se nuwe handelsmerkposisionering, "Streef. Ontdek. Saam", weerspieël wie ons is, en bepaal hoe ons na die toekoms kyk. Die strewe na en ontdekking van kennis is ons motivering om 'n kultuur van opwinding en samewerking te skep. En deur dit saam te doen, versterk ons die vermoë om uitdagings die hoof te bied en ons intellek, idees en innovasies saam te voeg om praktiese oplossings vir wesenlike probleme te vind.

Met hierdie handelsmerkposisionering as uitgangspunt het Boomtown begin met hul aanvanklike opdrag om die US se visuele identiteit te vernuwe. Namate die proses gevorder het, het die groep belanghebbendes egter toenemend gevoel dat die US se nuwe, toekomsgerigte handelsmerk-posisionering eerder 'n heeltemal nuwe visuele identiteit moes kry. Die opdrag het uiteindelik verander van 'n "vernuwe" na 'n "nuwe"


handelsmerk. Daar was tydens die ontwikkeling van 'n nuwe handelsmerk uitgebreide oorlegpleging om seker te maak dat die US se belanghebbendes deel van die proses gebly het. Konsultasie met belanghebbendes het in twee fases plaasgevind – een voor die begin van die logo se ontwerp (afgehandel in November 2020) en die ander nadat 'n paar opsies ontwerp is (Januarie en Februarie 2021).




Figuur 3: Die US se nuwe logo wat op 13 April 2021 deur die Raad goedgekeur is

Voordat werk aan die ontwerp begin het, is die Komitee vir Visuele Regstelling, die Institusionele Transformasiekomitee, die Studenteraad en alumni na aanlyn oorlegplegingsessies genooi. Hierdie sessies het in 'n inklusiewe en raadplegende gees plaasgevind. Dié sessies is gevolg deur 'n elektroniese opname waaraan alle personeellede, studente, alumni en Raadslede kon deelneem. Altesaam 1 075 mense het insette gelewer voordat die logo-ontwerp begin het, en dit het as grondslag vir die kreatiewe ontwerp-opdrag gedien.

VOOR-ONTWERP DEELNAME



NA-ONTWERP DEELNAME




Figuur 4: Visuele voorstelling van die deelnameproses vir die nuwe handelsmerk

Op grond van die insette, het die ontwerpspan het met drie ontwerp-opsies vorendag gekom. Die doel van die tweede oorlegplegingsfase was om hierdie drie voorstelle onder kernbelanghebbendes, waaronder studente, personeellede en alumni, te toets. Aanlyn sessies en 'n elektroniese opname is weer eens hiervoor gedoen, en altesaam 2 025 belanghebbendes het deelgeneem. Die insigte uit hierdie fase het die finale logo-opsies bepaal, wat daarna aan die US se statutêre liggame voorgelê is en gelei het tot die goedkeuring van die finale visuele identiteit deur die Raad op sy vergadering van 13 April 2021. Dit sluit 'n nuwe logo en strategie vir handelsmerkposisionering in wat in lyn is met die US se *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019-2024*. Die nuwe logo sal die "S"-blaar-logo vervang wat sedert 2000 in gebruik is.

Diegene waarmee die US se handelsmerkspan in gesprek was, het die volgende vereistes aangedui: (1) 'n eenvoudige en moderne dog treffende en gesofistikeerde ontwerp wat 'n instelling van wêreldklas-akademiese statuur uitbeeld; (2) 'n abstrakte ontwerp om kulturele sensitiviteit te vermy, tesame

met 'n element van "beweging" om voortdurende transformasie te weerspieël; en (3) 'n balans tussen erfenis en tradisie aan die een kant, en 'n fokus op die toekoms aan die ander kant, om te verseker dat die instelling herkenbaar is vir die talle mense wat oor dekades heen spesiale bande met die US gesmee het, maar dat die toekoms waarna die Universiteit streef, ook geïllustreer word. Die resultaat is 'n moderne en vaartbelynde dog klassieke en elegante ontwerp wat die US se *Visie 2040* illustreer, naamlik om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te wees wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en wat kennis tot diens van die samelewing bevorder.

Die Raad se besluit en nuwe logo is via verskillende kommunikasiekanale aan alle interne belanghebbendes en alumni bekendgestel, insluitend boodskappe, sosiale media, 'n persverklaring en 'n toegewyde logo-[webblad](#). Die finale ontwikkelingsfases van die nuwe handelsmerk vind tans plaas en daarna sal die splinternuwe identiteit en universiteitswye uitrol en implementering amptelik bekendgestel word.



Figuur 5: Visuele voorstelling van die proses om 'n nuwe handelsmerk te skep

1.2. KWESSIEBESTUUR EN UITVOERENDE KOMMUNIKASIE

Die US se standpunt oor openbare kwessies soos ras, geslagsgebaseerde geweld en taal ontvang gereeld wye dekking in die media. Hierdie kwessies vereis dikwels tydige en weldeurdaagte antwoorde wat verreikende gevolge vir die Universiteit se reputasie en die integriteit van sy proses kan inhou. Die narratief in sowel die tradisionele as sosiale media is dikwels verskillend, en dit verg 'n gefokusde en duidelike oordrag van boodskappe om hierdie narratiewe te rig en die US se stem te verenig om, in baie gevalle, onakkuraathede teë te werk en reputasieskade te vermy.

Om dit te verseker, is 'n struktuur in my kantoor saamgestel om kwessie- en uitvoerende kommunikasie te koördineer om toe te sien dat daar in die US se belangrikste boodskappe eenstemmigheid oor bepaalde kwessies is, en dat die vloeï van inligting verseker dat die US doeltreffende response lewer. Hierdie struktuur het vir die Bestuurder: Media en die Spesialis: Uitvoerende Kommunikasie 'n direkte lyn van verslagdoening na die VR: Strategie en Internasionalisering geskep om dringende mediakommunikasie te bespoedig. Hierdie twee rolle bly egter deel van die bestuursplan van die Korporatiewe Kommunikasie- en Bemarkingsafdeling (KKBA) om konsekwentheid en belyning te verseker. Die VS-bestuurder, dr Wayne Muller, is deel van die struktuur as koördineerder.

Die skep van hierdie struktuur het 'n verskuiwing van krisiskommunikasie na kwessiebestuur meegebring. Dit is 'n benadering wat die kommunikasie rondom openbare kwessies op 'n strategiese en gekoördineerde

wyse aanpak. Die struktuur van kwessiebestuur en uitvoerende kommunikasie het ook meegebring dat daar tussen “ongewone besigheid” (krisiskommunikasie oor openbare kwessies in die media) en “besigheid soos gewoonlik” (daaglikse kommunikasie- en bemarkingsdienste) in die KKBA onderskei kan word.

*“DIE SKEPPING VAN
HIERDIE STRUKTUUR HET
'N VERSKUIWING VAN
KRISISKOMMUNIKASIE
NA KWESSIEBESTUUR
MEEGEBRING. DIT IS 'N
BENADERING WAT DIE
KOMMUNIKASIE RONDOM
OPENBARE KWESSIES
OP 'N STRATEGIESE EN
GEKOÖRDINEERDE WYSE
AANPAK.”*

Om hierdie rede, met die ondersteuning van Baird's Communication Management Consultants (CMC), is 'n strategie en kommunikasieplan vir kwessiebestuur in April 2021 ontwikkel. 'n Strategiese benadering en metodologie is vervolgens ontwikkel wat gestruktureerde denkinstrumente vir die hantering van kwessiebestuur en uitvoerende kommunikasie voorsien. Die strategiese benadering stel die US in staat om sy eie weergawe van saak te stel, wat nie noodwendig net een weergawe is nie. Bowendien stel dit die US in staat om tydige en weldeurdaagte media-antwoorde te gee wat van kardinale belang is, dit

rig die US se narratief en stem, en dit help die instelling om 'n institusionele narratief vir verskillende kwessies te ontwikkel.

'n Belangrike aspek van die strategie is die aanstelling van 'n woordvoerder vir die kwessie ter sprake. Hierdie woordvoerder is noodsaaklik tydens gespreksvoering en verseker dat boodskappe konsekwent is. Om hierdie taak te ondersteun en prosesse rondom kwessiebestuur en die gepaardgaande kommunikasie te bestuur, is 'n Spesialisprojekbestuurder (kommunikasie) op 1 Augustus 2021 op kontrakbasis aangestel.

1.3. TAALKOMMUNIKASIE


Sedert die aanvang van die hersieningsproses van die US Taalbeleid op 15 Maart 2021, speel die kwessie van taal by die US en die “oorlewing” van Afrikaans by die instelling hom in sowel die Afrikaanse as die Engelse media af. [Verskeie gebeure](#) oor taal by die US het heelwat negatiewe verslaggewing tot gevolg gehad, veral in die Afrikaanse media. Die beweerde verbanning van Afrikaans in US-koshuise het die begin van die taaldebate in Maart aangevuur, en het veroorsaak dat die DA 'n klage by die SA Menseregtekommissie (SAMRK) ingedien en 'n petisie van stapel laat loop het. Daarna het 'n oop brief deur die Departement van Afrikaans en Nederlands verdere media-aandag geskep. Wat verdere momentum aan die debat gegee het, was 'n optog deur die [DAK Netwerk](#) op 9 April 2021 om 'n memorandum aan die Universiteit te oorhandig, asook bewerings van serenadegroepe wat verbied is om in Afrikaans te sing. Dit het vereis dat die US op verskeie medianavrae

moes reageer, en terselfdertyd seker moes maak dat die geskeduleerde kommunikasie van die hersiening van die Taalbeleid plaasvind.

Taalkommunikasie is vervolgens geïdentifiseer as die eerste projek vir die struktuur vir kwessiebestuur en uitvoerende kommunikasie. 'n Ses-punt-taalkommunikasieplan is in oorleg met kommunikasiekundiges opgestel en is geïmplementeer in die aanloop tot die SAMRK se openbare verhore wat op 10 Mei 2021 in Stellenbosch begin het. Die algemene doelstelling van die ses-punt-plan was om die media-narratief rondom taal by die US te navigeer en te verseker dat die Universiteit hierdie narratief lei. 'n Taalkommunikasiekomitee is ingestel om die kommunikasie rondom taal strategies en proaktief te lei. Dr Leslie van Rooi is as die Universiteit se woordvoerder oor taal aangestel.

Terwyl dekking oor taal aanvanklik krities teenoor die US bly staan het en sy reputasie nadelig beïnvloed het, het die Universiteit se stem sterker begin uitkom nadat die ses-punt-plan geïmplementeer is, wat verseker het dat die US openlik op vrae kon reageer en sy boodskap oor die institusionele posisie oor meertaligheid kon handhaaf. Die US het voortgegaan om proaktief feitelike artikels en stories oor die suksesse van meertaligheid te plaas om negatiewe dekking teë te werk. Met inagneming van die redaksionele spasie wat die media aan die reaksies van die US toegestaan het, proaktiewe artikels en redaksionele menings, die lugtyd wat ons met uitsendings ontvang het, en veral die konsekwentheid van ons boodskappe – wat belangrik is om die narratief te begin verskuif en openbare vertroue in te win – het die US gevorder om die narratief te verander en die dominante stem in die taaldebat te wees.

Dit is ook die gevolgtrekking van 'n verslag deur die US se onafhanklike mediamonitor wat data van die Professionele Evaluering en Navorsing (PEAR) se lys tradisionele en sosiale media in aanmerking geneem het. Twee belangrike tydperke is vergelyk om die implementering van die strategie en plan te evalueer: Tydperk 1 (voor implementering) is 1 Februarie tot 13 April 2021, en Tydperk 2 (na implementering) is 14 April tot 20 Julie 2021.




Die US het tussen Februarie en Julie 2021 altesaam 562 mediaknipsels ten opsigte van die taaldebat in die gedrukte, uitsaai- en aanlyn media gegenereer. Dit is slegs 5% van die US se holistiese mediateenwoordigheid vir dieselfde tydperk. Die gedrukte media, met 56% mediadekking, was die voorloper, gevolg deur aanlyn media (33%) en uitsaaimedia (11%).

Dit het ook geblyk dat 59% van die dekking deur die Afrikaanse media en 41% deur die Engelse media was, wat 'n redelik gebalanseerde mediateenwoordigheid beklemtoon. Die US staan reeds vir die konsep van inklusiwiteit deur meertaligheid by die instelling. Volgens die PEAR-verslag word meeste van die mediadekking gevolglik as gebalanseerd aangedui (ondersoek al die verskillende aspekte en stemme van die kwessie).

Die US het volgens die PEAR-verslag gedurende Tydperk 2 'n aktiewe stem in die saak gehandhaaf. Die sentimentverhouding tussen die Afrikaanse en Engelse media is soortgelyk, wat voorstel dat daar nie 'n tonaliteitsvoordeel op grond van mediataal is nie. Die Afrikaanse media se sterk negatiewe profiel is nou gekoppel aan meningstukke en, wat veral belangrik is, lesers se briewe aan koerante. Dit is die belangrikste differensieerder van sentiment. Positiewe dekking was gekoppel aan die US se deursigigheid rondom die taalbeleid. Anders as in Tydperk 1, word Tydperk 2 gekenmerk deur beduidende gebalanseerde dekking, met 'n sterk ontleding oor die taalkwessies by die US.

Die onderstaande grafiek vergelyk sentiment van die mediadekking oor taal by die US in Tydperk 1 en Tydperk 2. Die ontleding dui aan dat daar sedert die implementering van die strategie oor kwessiebestuur en die ses-punt-plan 'n verskuiwing in die sentiment van dekking oor die taaldebat na gebalanseerde verslagdoening was en, veral belangrik, 'n skerp afname in negatiewe sentiment in die media, wat impliseer dat die US gevorder het in sy pogings om die media se narratief rondom taal te verander. Die implementering van die taalkommunikasie-strategie en -plan duur tans voort.

SENTIMENTVERGELYKING PER KNIPSELTELLING



Grafiek 1: Sentimentvergelyking per knipseltelling

1.4. STRATEGIEBEPLANNING OP INSTITUSIONELE VLAK

Op institusionele vlak het strategiebeplanning jaarliks vier sleutelkomponente, naamlik die Institusionele Beplanningsforum (in Februarie), die opstel van omgewingsplanne en strategie-implementeringsplanne (April tot Junie), die Uitvoerende Beplanningsforum (in Julie/Augustus), en (in Desember) die indiening van die Institusionele Plan by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO). Gedurende die verslagdoeningstydperk is die verskillende platforms en beplanningsdokumente gebruik om vordering met betrekking tot die implementering van die US se strategie te ontleed, om prioriteite te evalueer en te bepaal, en om planne te hersien en die Universiteit te herfokus binne die konteks van die impak van die Covid-19-pandemie op hoër onderwys.

Ná uitgebreide besprekings het die deelnemers die Universiteit se strategiese fokus bevestig soos uiteengesit in sy strategie en strategie-implementeringsplan. Die doelwitte en aksies is goed

op dreef, hoewel daar gebiede is waar kalibrasie vereis word.

Die prioriteite van 2020 en 2021 bevestig, aan die een kant, ook die konsekwentheid in fokus, terwyl dit aan die ander kant die subtiele verskille van jaar tot jaar aandui. Die onderstaande tabel dui hierdie top-prioriteite per strategiese kerntema aan.

Wat die omgewingsplanne betref, het 2021 'n onderskeid teweeggebring tussen omgewingsplanne en strategie-implementeringsplanne. Die eerste bied 'n omvattende plan vir 'n fakulteit of verantwoordelikeheidsentrum, terwyl die tweede fokus op waardeproposisies en sleutelprioriteite, in ooreenstemming met die strategie, metingsaanwysers en hulpbronne op hoër vlak. Hierdie planne bied 'n hoër-vlak oorsig van die belyning tussen strategie en planne, dien as insette vir besprekings oor die begroting, en verskaf die inligting wat benodig word vir die institusionele plan.

UBF 2020 PRIORITEITE		IBF 2021 PRIORITEITE	
	1. 'N FLORENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH		
	Institusionele volhoubaarheid en kontinuïteit		Innovasie en entrepreneurskap
	2. 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING		
	Institusionele transformasie		
	3. DOELGERIGTE VENNOOTSAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE		
	Vennote en netwerke		Kartering van en bestuurstelsel vir vennootskappe Fokus vennootskappe op bereiking van Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte Internasionalisering met hibriede benadering
	4. GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER		
	Hibriede leer Programvernuwing		Hibriede leer: • Lok nuwe studentemarkte met hibriede O&L • Hibriede leer met goeie gebruikerservaring Interdisiplinariteit Besigheidsmodel vir Skool vir Datawetenskappe
	5. NAVORSING VIR IMPAK		
	Hoogaangeslane werwing Nagraadse uitsette		Werwing van top-navorsers Meer na-doktorale genote
	6. VOORKEURWERKGEWER		
	Personeelbeplanning Personeel-welwees		Geötomatiseerde en geïntegreerde MHB-prosesse Werk-lewe-balans

Tabel 1: Top-prioriteite per strategiese kerntema vir UBF 2020 en IBF 2021


1.5. US SE INSTITUSIONELE KULTUUR OP GROND VAN WAARDES

Een van die aspekte wat deel van fase 2 (integrasie) en 3 (belyning) van Visie 2040 en *Strategiese Raamwerk 2019-2024* uitmaak, is die US se vyf waardes. Hierdie waardes is noodsaaklik vir sowel die implementering van die US se strategie as die vorming van sy institusionele kultuur. Aangesien waardes handelingsriglyne is vir die soort akademiese gemeenskap wat die Universiteit streef om te wees, moet dit 'n integrale deel uitmaak van hoe individue optree en aansluiting vind, hoe leiers lei en spanne saamwerk, hoe besluite geneem en geïmplementeer word, en hoe etiese veranderinge en dilemmas hanteer word. Waardes vul nie alleen 'n instelling se strategie aan nie, maar moet geïntegreer word in elke aspek van die implementering daarvan.

Hierdie integrasie sou by wyse van “waardes-in-aksie”-werkswinkels gefasiliteer word. Die nasionale inperking weens die Covid-19-pandemie het aanvanklik die implementering van hierdie werkswinkels tot stilstand gebring, maar dit is herontwerp om by aanlyn platforms te pas. 'n Proeflopie is in Julie 2020 vir die afdelings binne die VS: Strategie en Internasionalisering gedoen. Dit was geslaag en is aan drie fakulteite, drie akademiese departemente, twee PASD-afdelings en een VS aangebied. Ander omgewings wat belangrike rolspelers in waardes, kultuur en verandering is, is terselfdertyd geïdentifiseer. Hierdie omgewings het hulp verleen met die verfyning van die raamwerk met die doel om institusionele belyning te verseker en die proses te bespoedig.

Die proses vir die integrering van waardes sal nou versterk word deur 'n ondersteunende en fasiliterende benadering te volg om kapasiteit vir waarde-integrering en waardegedrewe optrede te bou. Die kapasiteitsbou vir waarde-integrering sal afhang van die behoeftes en doelwitte van betrokkenes. Dit kan nodig wees by die punt van uitvoerende leierskap van die waarde-integrering-spektrum, of iewers in die middel waar akademiese en operasionele eenhede die institusionele waardes by hul handelinge, prosesse en verhoudinge wil integreer, of dit kan aan die voorpunt wees waar individuele leiers, bestuurders, personeel en studente hulle in situasies bevind waar hulle voor waardegebaseerde dilemmas te staan kom.

'n Gediversifiseerde benadering sal vorentoe gevolg word, bestaande uit drie soorte “waardes-in-aksie”-ervarings, naamlik (1) die basiese “waardes-in-aksie”-werkswinkel as grondslag; (2) gesprekke onder leierskap vir eenheid-gebaseerde waarde-integrering; en (3) opleiding van fasiliteerders vir instellingswye ondersteuning van waarde-integrering.



Figuur 6: Visuele voorstelling van die US se waardes


1.6. DIE US SE GEDRAGSKODE

In 2020 het die proses begin om 'n institusionele Gedragskode vir die Universiteit saam te stel wat ter ondersteuning van die US se waardes spesifieke gedrag en praktyke wat nodig, aanvaarbaar en beperk of verbied is, uiteen te sit. 'n Kernwerkgroep van deskundiges is as 'n eerste stap ingestel om 'n konsepdokument vir raadpleging saam te stel. Die lede was: proff Reggie Nel, Minka Woermann, Nuraan Davids, Aslam Fataar, Arnold Smit en Hester Klopper; Dr Barbara Pool; en mee Tonia Overmeyr, Kira Alberts, Tshiamo Ngcobo, Ilse Cilliers en Sanet Koster.

Die eerste in-persoon-vergadering kon weens die nasionale inperking eers in Maart 2021 plaasvind. Die volgende belangrike uitkomst is op hierdie vergadering bereik:

- Daar is eerstens ooreengekom oor waar die Gedragskode inpas. Strategie, kultuur en die handelsmerk word as die drie kante van 'n driehoek beskou. Kultuur verwys na die idees, aksies en sosiale gedrag van 'n spesifieke gemeenskap, in hierdie geval die breër Universiteitsgemeenskap. Binne kultuur vind ons die Universiteit se waardes, etiese kode (etiese beginsels, etiese standaarde waarna 'n gemeenskap streef en waarvolgens hulle beoordeel sal word) en sy Gedragskode (stel reëls, norme en verantwoordelikhede).
- Tweedens was daar 'n wedersydse verstandhouding oor wat met 'n Gedragskode bedoel word, naamlik: (1) 'n Dokument wat verwagte gedrag (reëls) spesifiseer wat belyn is met institusionele waardes en strategie (duidelikheid); (2) 'n dokument wat vir institusionele verhaal (verantwoordbaarheid) voorsiening maak; en (3) 'n dokument wat 'n gemeenskappe van belang in staat stel om eens te wees oor institusionele waardes en die doel (billikheid).

Ná oorweging van die pad vorentoe, het die werkgroep voorgestel dat daar in plaas van 'n afsonderlike etiese kode en gedragskode, 'n enkele kode ("Kode 2040") ontwikkel word wat hierdie kodes duidelik in die US se waardes veranker. Sodoende is daar een kode wat die Universiteitsgemeenskap rig en die interaksie en interafhanklikheid tussen die verskillende komponente duidelik uiteensit. Hierdie aanbeveling is ongelukkig nie deur die Sosiale-en-Besigheidsetiekkomitee aanvaar nie, wat 'n verdere oponthoud beteken het. Die span is nou daarop gefokus om teen die einde van 2021 'n konsepdokument saam te stel en in gesprek te tree met die onderskeie Universiteitsgemeenskappe, en die dokument te verfyn vir voorlegging aan die US-raad teen die middel van 2022. Aangesien oorlegpleging met die kampusgemeenskap belangrik is om sukses te verseker, kan die tydlyn nadelig beïnvloed word weens die pandemie en hoe dit die kampusgemeenskap en institusionele prioriteite raak.



1.7. STRATEGIESE FONDS

Die US Strategiese Fonds fokus op inisiatiewe wat direk bely n met die visie, missie en kern strategiese temas van die Universiteit, soos vervat in *Visie 2040* en die *Strategiese Raamwerk 2019–2024*. Die toedeling van fondse geskied ten opsigte van die ses kern strategiese temas van die Universiteit en die gepaardgaande institusionele doelwitte.

Gedurende 2019, 2020 en 2021 is 'n bedrag van altesaam R392 miljoen aan nuwe Strategiese Fondsprojekte bewillig. Tabel 1 hieronder dui die beskikbare befondsing per kategorie aan, asook die aantal projekte (vir 2019 en 2020), en Tabel 2 die aantal aansoeke wat ontvang is en óf toegeken is óf suksesvol vir oorweging in ronde 2 (vir 2021) is. Met hierdie enorme belegging is dit nou een van die primêre funksies van die Strategiese Fonds-prosesbestuurder om die vordering van aktiewe Strategiese Fondsprojekte te monitor en die Strategiese Fondskomitee (SFK) hiervan op hoogte te hou.

Die eerste jaarverslag is op 29 September 2020 aan die SFK voorgelê. Hoewel die impak van die Covid-19-pandemie en gevolglike nasionale inperking deur almal gevoel is, kon 23 Kategorie A-projekte (strategiese

inisiatiewe) en een Kategorie B-projek (strategiese “high rises”) met implementering voortgaan, selfs al was die tydlyne geraak. Alle Kategorie C-projekte (strategiese aansoeke) is óf voltooi óf aan die gang. Dit is 'n aanduiding van die verbintenis van alle projekbestuurders om die doelstellings te bereik wat in hul projekplanne uiteengesit is.

Ons het gedurende 2020 ook die hersiening van die Strategiese Fondsregulasie (goedgekeur in 2018) deur die Universiteit se interne ouditeure in werking gestel. Die finale verslag is in Mei 2021 voorgelê en het die volgende slotsom bevat: “Die huidige grootte van die US Strategiese Fonds word teen meer as R400 miljoen gewaardeer.

Die nuwe US Strategiese Fondsregulasie is in lyn met voorste praktyk vanuit 'n inhoud- en sleutelonderwerpeperspektief, en staaf die SI-afdeling se mandaat om nuwe inisiatiewe te ondersteun wat uiting gee aan die Universiteit se institusionele strategie en die bereiking van die visie, missie en kern strategiese temas wat in *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019–2024* vervat is.

STRATEGIESE FONDSKATEGORIE	TOEGEKEN VIR 2019 EN 2020	AANTAL PROJEKTE
Kategorie A (Strategiese inisiatiewe)	R264 miljoen	31
Kategorie B (Strategiese “high rises”)	R30 miljoen	1
Kategorie C.1 (Personeelverwant)	R48 miljoen	20

Tabel 2: Beschikbare befondsing en aantal projekte per kategorie wat in 2019 en 2020 befondsing ontvang het

STRATEGIESE FONDSKATEGORIE	BESKIKBAAR VIR 2021	AANSOEKE ONTVANG	GOEDGEKEUR OF DEUR NA RONDE 2
Kategorie A (Strategiese inisiatiewe)	R25 miljoen	16	9 (Ronde 2)
Kategorie B (Strategiese “high rises”)	R20 miljoen	1	1 (Ronde 2)
Kategorie C.1 (Personeelverwant)	R13 miljoen	5	2
Kategorie C.1.2 (Personeelverwant)	R2 miljoen	0	0

Tabel 3: Beschikbare befondsing en aantal aansoeke vir 2021 ontvang

1.8. HERNUWINGSTRATEGIE VIR DIE KKBA

In Augustus 2020 was daar 'n verandering in leierskap vir die KKBA, tesame met 'n uitgebreide mandaat vir die afdeling wat 'n amalgamasie van die institusionele portefeuljes bemaking en kommunikasie insluit. Dit het aanleiding gegee tot die behoefte om 'n gefokusde besigheidsplan vir die nuut-uitgebreide afdeling te ontwikkel – 'n projek wat ingesluit is by die geprioritiseerde prestasiedoelwitte van die KKBA vir die 2021/2022-siklus.

Die proses om die afdeling se besigheidsplan te formuleer is egter direk geraak deur verskeie verwickelinge wat klem geplaas het op die dringende ontwikkeling van 'n omkeerstrategie wat onmiddellik die huidige funksionering van die afdeling sou optimaliseer.

Die aanvanklike konsep van hierdie omkeerstrategie is omskep in die ontwikkeling van 'n vernuwigingsplan, gefokus op die kort termyn, met die doel om 'n medium-/langer termyn besigheidsplan vir die afdeling te implementeer. Die voorgestelde vernuwingstrategie is ontwikkel deur middel van 'n gefasiliteerde, deelnemende proses waarby die uitgebreide bestuursplan van die afdeling aktief betrokke was, tesame met insette deur die sleutelbelanghebbendes binne die VS. Vyf toegewyde sessies vir die lewering van insette is van Mei tot Julie 2021 met die KKBA-span gehou.

Die belangrikste elemente wat gesamentlik die vernuwingstrategie uitmaak, is:



Alle pogings is aangewend om slegs realistiese, haalbare doelwitte en uitkomst by hierdie fase van die besigheidsplan in te sluit, gegewe die talle verwagtinge en die beperkte hulpbronne en huidige kapasiteit van die afdeling. Ondersteuning deur uitvoerende bestuur word as uiters noodsaaklik beskou om die beoogde sukses van hierdie projek te maksimeer.



1.9. ERKENNING VAN UITNEMENDHEID VIR KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE

Kommunikasie- en bemakingspesialiste by die US is beloon vir uitstekende werk in die jaarlikse Marketing, Advancement and Communication in Education (MACE) Excellence-toekennings vir 2021, en is as die suksesvolste hoërsonderwysinstelling in hierdie Suider-Afrikaanse kompetisie aangewys. Die toekennings gee erkenning aan die prestasies van spesialiste en praktisyns in bemaking, bevordering en kommunikasie

in die hoërsonderwyssektor in Suider-Afrika. MACE vervul 'n leierskaprol in die sektore hoërsonderwys, tegniese beroepsonderwys en -opleiding, en private onderwys in Suider-Afrika, met die doel om waarde toe te voeg tot praktisyns in bemaking, bevordering en kommunikasie in hoër onderwys deur ontwikkelingsprogramme van hoë gehalte aan te bied, netwerke vir vennootskappe en transformasie te fasiliteer, en beste praktyke te bevorder.

Benewens die werk van die KKBA, het kommunikasieprojekte van die Afdeling vir Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge, die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, die Afdeling vir Navorsingsontwikkeling en die Nagraadse Kantoor ook erkenning ontvang.

Die **US het 26 toekennings ontvang**, waarvan twee 'n Goue Toekenning (vir die inskrywing met die hoogste telling in elke kategorie) en een 'n Platinum Toekenning (vir die inskrywing met die hoogste telling in elk van die drie afdelings) was. Die US het ook die Voorsitterstoekenning vir Uitnemendheid (toegeken aan 'n enkele inskrywing wat ware uitnemendheid in

bemaking, bevordering of kommunikasie beliggaam) en die Severus Cerff-toekenning vir Konsekwente Uitnemendheid (vir die hoogste suksesverhouding van alle deelnemende instellings) ontvang.

Hierdie toekennings het toepaslike erkenning gegee aan die werk van hoë gehalte wat deurlopend deur die US se korporatiewe kommunikasie-, bemaking- en fondsinsamelingspanne gelewer word – 'n merkwaardige prestasie tydens die Covid-19-pandemie te midde van vele uitdagings.

- Lees meer oor die US se 26 MACE-toekennings in hierdie [publikasie](#).



Foto 2: US-videograaf Stefan Els het 'n brons MACE-toekenning ontvang vir sy video, *SU Campus Tour*, wat belangrike inligting oor die kampus en die lewe op kampus aan nuwelingstudente oordra. Op die foto hierbo is Duitse veldfietsryer Nils Riecker wat die kyker deur die video lei. Klik [om na die video te kyk](#).

1.10. HERONTWIKKELING VAN DIE WEBWERF

Vordering is oor die afgelope jaar gemaak om die belangrikste mylpale vir die herontwikkeling van die US se webwerf, www.sun.ac.za, te behaal. Die projek behels sewe fases en sal vir die volgende drie jaar voortduur. Die oogmerk is om 'n mobiele-toestel-vriendelike, gebruikergesentreerde webwerf te skep met 'n skoon, moderne ontwerp wat uiting gee aan die US se handelsmerk en strategiese doelwitte, en wat gebruikers voorsien van duidelike, bondige inligting in 'n stemtoon wat hulle inspireer en waarby hulle aansluiting kan vind.

Die Rektooraat het in September 2020 die konsep-webstrategie goedgekeur en hul ondersteuning gegee vir die volgende stappe in die afhandeling van die strategie. Die strategie is gedurende November vir insette aan bestuurspanne van fakulteite en VS'e voorgelê, wat aanleiding gegee het tot 'n afgeronde strategie wat in April 2021 deur die Rektooraat goedgekeur is. Die webstrategie is die padkaart vir die ontwikkeling en toekomstige bestuur van die US-webwerf en bevat onder meer die rol van die webwerf, ontwerpvereistes, die beoogde hibriede bestuursmodel en oorwegings vir hulpbrontoekenning. Gedurende Oktober en November 2020 het die KKBA nou

saamgewerk met die Afdeling vir Inligtingstegnologie om 'n omvattende versoek om voorstelle (RFP) te formuleer vir die aanstelling van 'n diensverskaffer om die herontwikkelingsprojek uit te voer. Die RFP is in Februarie 2021 in verskeie gedrukte en aanlyn tenderbulletins gepubliseer, en gedurende Maart en April het twee rondes tenderbeoordelings plaasgevind. Rogerwilco is uiteindelik deur die tenderpaneel as die voorkeurdienverskaffer gekies. Hierdie Durbanville-gebaseerde maatskappy is in 2008 gestig, is 'n vlak 2-B-BSEB-bydraer en het meer as 50 toekennings ontvang, insluitend die Klein Agentskap van die Jaar by die 2020 *Financial Mail* AdFocus-toekennings.

Hulle is 'n Drupal-inhoudsbestuurstelsel-ontwikkelingshuis en van hul werk sluit webwerwe vir die Universiteit van Kaapstad, OBSA, Africa Check, die Johannesburgse Effektebeurs en Dokters Sonder Grense in. 'n Afskopvergadering en werkswinkel is gehou om die tegniese vereistes uiteen te sit. 'n inhoudsoudit is tans aan die gang met spanne van die US en Rogerwilco wat die bestaande webwerf se inhoud evalueer. Die volgende fases behels onder meer die vestiging van die verskeie projek-bestuursliggame en die eerste stappe van die ontwerpproses.

1.11. KORPORATIEWE KOMMUNIKASIE

Ombud-bewusmakingsveldtog: Die KKBA het in November 2020 'n geïntegreerde kommunikasieveldtog van stapel gestuur om bewustheid te skep oor die belangrike rol wat die Ombud, advokaat Rina Meyer, in goeie oorsigbestuur by die Universiteit speel. Die veldtog het die volgende items ingesluit:

- Herontwerp en aanpassing van die [Ombud-webwerf](#) om met die US-handelsmerk te bely
- 'n Artikel in die formaat van vraag-en-antwoord wat op die US se hoofwebblad en sosiale mediaplatforms verskyn het
- 'n Banier wat besoekers aan die Ombud-webwerf koppel is op die US-tuisblad geplaas
- 'n Podsending-onderhoud is onder alle personeel via [info@StellenboschUni](#) versprei
- Brokkies inligting oor die Ombud se rol is weekliks in die [info@StellenboschUni](#)-nuusbrief en op die US se sosiale mediaplatforms geplaas

Onthulling van die nuwe US-logo: 'n Veelvakkige kommunikasieveldtog is aangewend vir die onthulling van die nuwe US-logo wat op 14 April 2021 deur die Raad goedgekeur is. Dit het ingesluit:

- Ontwikkeling van 'n webwerf
- Boodskappe aan personeel, studente en alumni
- Sosiale mediaplasinge wat vinnig op sosiale media versprei het, het binne 48 uur gebruikers van meer as 30 000 op Facebook, 28 000 op Twitter, en 28 000 op LinkedIn bereik

Korporatiewe publikasies: Die digitale publikasie [Oorsig 2019](#) is in November 2020 vrygestel. Die publikasie bevat hoogtepunte van die Universiteit gedurende die 2019-verslagtydperk, asook finansiële inligting oor die Universiteit se werksaamhede in die boekjaar onder oorsig. Daarby is die [2020 Geïntegreerde Jaarverslag](#) opgestel en op 30 Junie 2021 by die DHOO ingedien. Die verslag dek die volle omvang van die Universiteit se werksaamhede gedurende die verslagtydperk en bevat finansiële inligting oor die Universiteit se werksaamhede in die boekjaar onder oorsig.

Podsendings: [Talks@StellenboschUni](#), die US se kanaal vir podsendings, het onlangs sy 100ste podsending uitgesaai. Die podsendings is meer as 12 000 keer deur luisteraars in 80 lande gespeel. Podsendings is beskikbaar op die US-webwerf via die volgende dienste: [Anchor](#), [iTunes](#), [Google](#), [Pocket Casts](#), [Breaker](#) en [Spotify](#). Onlangse episodes sluit programme in soos Wat om te studeer? en is gemik op voornemende studente, [Privaatheid in die era van POPIA](#) om saam te val met die POPI-wet wat op 1 Julie 2021 in werking getree het, asook 'n reeks episodes vir Jeugmaand.

1.12. COVID-19-VERWANTE INTERNE KOMMUNIKASIE

Webwerf: Die strategie agter die [Covid-19-webwerf](#) is om 'n enkele bron van betroubare inligting aan verskeie US-belanghebbendes te bied. Die webwerf het op 14 Maart 2020 lewend gegaan, funksioneer goed en is goed ontvang – dit is die derde mees besoekte US-webwerf. Aangesien kommunikasie verandering benodig, word die webwerf aangepas om aan die vereistes te voldoen. Gedurende hierdie verslagtydperk het die Engelse webwerf 81 853 besoekers gehad, waarvan 29 822 gereelde besoekers op die webwerf is. Die Afrikaanse webwerf het altesaam 6 307 besoekers gehad, waarvan 2 232 gereelde besoekers op die webwerf is.

Boodskappe: Weens die aard van die Covid-19-pandemie word gereelde kommunikasie vereis om seker te maak dat US-belanghebbendes op hoogte gehou word van belangrike inligting, besluite en verwickelinge met betrekking tot die besigheidskontinuiteit van die instelling. 'n Spesifieke banier is vir alle Covid-19-verwante boodskappe ontwerp.

Student-bewusmakingsveldtog: Om weer eens te beklemtoon hoe belangrik dit is om 'n masker op kampus te dra, sosiale distansiëring te handhaaf en

hande te was, is 'n plakkaatveldtog gedurende die laaste semester van 2020 as deel van die deurlopende Covid-19-bewusmakings-veldtog uitgerol. Plakkate is op lamppale langs die hoofloopweë op kampus geplaas, insluitend Victoria- en Ryneveldstraat. Die veldtog is aan die begin van die 2021- akademiese jaar herhaal.

Sosiale media: Sosiale media speel steeds 'n kritieke rol om die US se Covid-19-boodskappe te versterk, en om belanghebbendes na omvattender inligting op die toegewyde webblad te verwys. Om boodskap-uitputting te voorkom word die veldtog elke paar maande aangepas om die beelde en boodskappe vars te hou. Hieronder is 'n paar van die beelde wat op sosiale media gebruik is.



Figuur 7:

'n Plakkaat wat op verskillende media gebruik is as deel van die US se Covid-19-kommunikasieveldtog

1.13. MFM 92.6

Die SI-afdeling onderneem tans 'n projek wat met die Universiteit se gemeenskapsradiostasie, MFM 92.6, verband hou. Die stasie het in 2020 sy 25ste bestaansjaar as 'n gelisensieerde uitsaaiër bereik. MFM se grootste teikengehoor was deurlopend in die 16- tot 25-jaar-ouderdomsgroep, wat grotendeels bestaan uit studente, skoliere en ander kategorieë jeug, en uitsendings vind in Engels, Afrikaans en isiXhosa plaas. Die uitsaai-mandjie bestaan uit elemente van opvoedkunde, inligting, nuus en vermaak.


Die US is die lisensiehouer wat as MFM 92.6 uitsaai. Die direkte rapporteringslyn, via die Stasie-bestuurder, is na die Senior Direkteur: KKBA. Fondse word tradisioneel self gegenereer, hoofsaaklik via die verkoop van verskillende soorte lugtyd. Hierdie fondse het oor die jare die bedryfskoste gedek. Maar uitgawes het oor die afgelope vyf jaar deurlopend die inkomste oorskry, wat tot 'n stadige verlaging in die stasie se fondse en reserwes gelei het. Die Covid-19-pandemie het 'n reeds benarde situasie vererger en MFM se vermoë om 'n inkomste te genereer, verder beïnvloed. Behalwe dat die grootste deel van sy luisteraars, US-studente, weens die inperking buite bereik was, kon die stasie se gereelde adverteerders weens hul eie finansiële druk nie meer advertensies plaas nie. Dit stem ooreen met wat op streek- en nasionale vlak in die uitsaaiwese gebeur het. Aangesien baie van die MFM-aanbieders ook studente is, het dit verder beteken dat dié aanbieders nie hulle pligte kon nakom nie, omdat die meeste studente uit Stellenbosch getrek het.

Gegewe die bogemelde konteks van die Covid-19-pandemie en die ekonomiese onsekerhede wat na verwagting in die afsienbare toekoms sal voortduur, moes die SI-afdeling met die steun van die KKBA aan die



einde van 2020 oor 'n pad vir die toekoms besluit. Hierdie mandaat het 'n ontleding van die status quo van MFM, die stabilisering van werksaamhede en 'n ondersoek oor toekomstige geleenthede ingesluit. Deel hiervan was die voortgesette besnoeiing van uitgawes, waar moontlik.

In die eerste helfte van 2021 het die stasie teruggekeer na 'n hibried van regstreekse uitsendings en geoutomatiseerde programmering, en daar is hard gewerk aan die stabilisering van werksaamhede en finansies. SI sal in die toekoms geleenthede ondersoek om 'n multidimensionele multimediatplatform te skep, binne die konteks van en in aansluiting by die Universiteit se breër proses om die hele kommunikasie-aanbod te hersien. Hierdie ondersoek gee uiting aan die Universiteit se standpunt, soos verwoord in sy *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019-2024*, dat goeie kommunikasie 'n instaatsteller vir die verwesenliking van sy visie en missie is, en dat kommunikasieplatforms en -kanale deurlopend verbeter moet word.



1.14. VERFYNING VAN DIE STRATEGIESE BESTUURSAANWYSERS

Die 'Universiteit Stellenbosch Telkaart' vir die is 'n Power BI™-toepassing wat vordering met die bereiking van doelwitte naspoor wat in die Strategiese Bestuursraamwerk 2019–2024 omskryf is. Die toepassing toon historiese waardes en teikens, soos in die onderstaande syfers aangedui, asook die US se vordering om 2024-doelwitte te bereik. Die US se Telkaart is gegrond op 'n saamgestelde-indeks-benadering met die doel om vordering vir elke tema, doelwit en SBA te meet, asook vir die Strategiese Raamwerk as geheel. Die US se Telkaart begin met lyndiagram-visualiserings vir beskikbare historiese waardes en teikens. Prestasie-aanwysers word in die model gevisualiseer met grafieke in die vorm van radiale meters wat die vordering van die aanwysers na die teiken toon. Doeltreffendheid is die berekening van die mate waarin die teiken bereik word.


Die span in die IOB-afdeling wat strategiese bestuursaanwysers (SBA's) hanteer, het verskeie breedvoerige

konsultasies met die onderskeie data-eienaars en/of dekanes gekoördineer om as 'n aanvullende konteks historiese ontleding te voorsien om die huidige stel SBA-definisies en aanwysers aan te pas, te herdefinieer en te verbeter. Dit het deeglike ontledings van moontlike databronne ingesluit om die onderskeie SBA's in te lig ten opsigte van die definisies, gehalte, volledigheid, toepaslikheid en beskikbaarheid van data. Die span het ook SBA- en operasionele SPA-template met die vermoë om 'dieper te delf' (*drill down*) ontwikkel om seker te maak dat data op fakulteits- en/of departementele vlak beskikbaar is.

Hieronder is voorbeelde (Figure 8 tot 12) van geselekteerde SBA's en die US se vordering met die bereiking daarvan. Dit gee 'n oorsig van hoe data en die Telkaart poog om uitvoering te gee aan die US se strategie en die *Strategiese Raamwerk 2019–2024* ondersteun.

Wat Kern Strategiese Tema 1 ('n florerende US) betref, is die strategiese bestuursaanwyser % instandhouding en verkryging van fasiliteite/geboue tot totale inkomste onder die institusionele doelwit Die instandhouding en verbetering van wêreldklas-fasiliteite 'n aanduiding van die instandhoudingskoste en kapitaalluitgawes vir die opgradering, uitbreiding en opknapping van die US se fasiliteite. Die figuur uit die Telkaart hieronder toon die styging in uitgawes vanaf 2016 van 7,6% tot 15,5% in 2020, aangedui met 'n grys lyn op die figuur. Die maroen lyn op die visualisering verteenwoordig die US-teikens. Die styging in uitgawes as 'n % van die US se gekonsolideerde inkomste is 'n aanduiding van hoe belangrik dit is om die standaard van die US se fasiliteite en infrastruktuur te verhoog, soos uiteengesit in die institusionele doelstellings.


% INSTANDHOUDING EN VERKRYGING VAN FASILITEITE/GEBOUE TOT TOTALE INKOMSTE



Figuur 8: Telkaart ten opsigte van Kern Strategiese Tema 1

Wat Kern Strategiese Tema 2 ('n transformerende studente-ervaring) betref, was daar 'n geleidelike toename in die 'Samestelling van totale studenteliggaam (% SBIA)', waar die US in 2016 met 38,7% begin het en in 2020 tot 43,4% verbeter het. Die US was 86,6% geslaagd daarin om die 2024-doelwit van 50,0% in 2020 (aangedui in maroen op die visualisering) te bereik deur 43,3% (aangedui in grys) vir hierdie SBA te behaal, soos hieronder aangetoon.


SAMESTELLING VAN TOTALE STUDENTELIGGAAM (% SBIA)



Figuur 9: Telkaart ten opsigte van Kern Strategiese Tema 2

Wat Kern Strategiese Tema 3 (doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke) betref, was die US 62,5% geslaagd (ons het 10,0% in 2020 behaal) daarin om die 2024-doelwit van 16,0% vir die SBA % internasionale studente van totale ingeskrewe studente' onder die institusionele doelwit 'Versterking en uitbreiding van Afrika-vennootskappe, soos met die US se visie en missie belyn' te bereik. Doelstellings word in maroen op die figure gevisualiseer en waardes word in grys op die radiale meters voorgestel, soos hieronder gesien, en as grys lyne op die lyngrafieke.


% INTERNASIONALE STUDENTE VAN TOTALE INGESKREWE STUDENTE



Figuur 10: Telkaart ten opsigte van Kern Strategiese Tema 3

Wat Kern Strategiese Tema 5 (navorsing vir impak) betref, was die US 93,2% geslaagd (69,9% in 2020) daarin om die 2024-doelwit van 75,0% vir die SBA '% akademiese personeellede met 'n doktorsgraad tot alle akademiese personeellede' te bereik. Die visualisering hieronder toon die teiken in maroen en die prestasie van die aanwyser in grys.


% AKADEMIESE PERSONEELLEDE MET 'N DOKTORSGRAAD TOT ALLE AKADEMIESE PERSONEELLEDE



Figuur 11: Telkaart ten opsigte van Kern Strategiese Tema 5

Wat Kern Strategiese Tema 6 (voorkeurwerkgewer) betref, toon die SBA '% SBIA van alle personeel [alle posvlakke]' onder die institusionele doelwit 'Billikheid, transformasie en die bevordering van personeel' 'n bestendige toename vanaf 2016 met 46,2% tot 2020 met 50,2%. Dit beteken dat die US 90,5% geslaagd daarin was om die 2024-teiken van 55,5% te behaal.

% SBIA VAN ALLE PERSONEEL (ALLE POSVLAKKE)



Figuur 12: Telkaart ten opsigte van Kern Strategiese Tema 6


Vir verdere inligting, besoek die 'Universiteit Stellenbosch Telkaart insluitend Fakulteite' op [Inligtingsoorsigbestuur se webwerf](#). Klik [hier](#), ook op IOB se webwerf, oor hoe om toegang tot u PowerBI™-toepassings te kry, en hoe om 'n PowerBI™-lisensie te kry.

- Die IOB-afdeling het hul [nuwe interaktiewe webblad](#) ontwikkel om hul kundigheid en dienste bekend te maak. Dit bevat skakels na al hul dienste en statistiese profile, asook instrumente vir Privaatheidsimpak-assesserings. Toegang tot geklassifiseerde data kan beperk wees, maar alle ander statistiese data wat gewoonlik gepubliseer word, is aan personeel en die publiek beskikbaar. 'n [PDF-opsomming](#) van die portefeulje met skakels na webblaaie en kontakbesonderhede is beskikbaar om afgelaai te word.

1.15. VISUALISERING VAN DATA


Ten einde 'n data-gedrewe universiteit te wees, is dit belangrik om die visualisering van data uit te brei om maklike toegang te verseker vir gebruikers reg oor die universiteit. Vir dié doel, het die IOB-afdeling interaktiewe Power BI™-visualiserings ontwikkel van data wat verband hou met rangordes, strategiese bestuursaanwysers, fakulteite se navorsingsdata, Menslike Hulpbronne se SPA's en die US se statistiese profiel.

Rangordes: Hierdie model bevat 'n lys rangordes waaraan die US deelneem, visualiseer die plasing van Suid-Afrikaanse universiteite op die verskillende rangordes, verduidelik die metodologieë van die verskillende rangordes, lys die datavelde wat deur die verskillende rangordes gebruik word, en verskaf definisies van datavelde en die data wat die US aan die rangordes voorlê. Die model vergelyk ook die data wat deur Suid-Afrikaanse universiteite by die DHOO as HEMIS-data (data oor personeel en studente) ingedien word, met data wat deur Suid-Afrikaanse universiteite aan die Times Higher Education (THE) World University Rankings en die QS World University Ranking voorgelê word.




Figuur 13: THE World University Ranking vir die US, UK en Wits (2017-2021)

Strategiese bestuursaanwysers: Die visualisering vir SBA's toon en vergelyk die doeltreffendheid wat vir die US se Kern Strategiese Temas bereken is.




Figuur 14: Doeltreffendheid wat bereken word vir die US se Kern Strategiese Temas, waardes vir 2018 teenoor teikens vir 2024 in maroen; waardes vir 2019 teenoor teikens vir 2024 in grys; en waardes vir 2020 teenoor teikens vir 2024 in pienk

Statistiese profiel: Die US se statistiese profiel het jare gelede ontstaan en is bedoel om belangrike inligting oor die Universiteit se studente en personeel op 'n bondige en visueel aangename wyse met die publiek te deel. Dit het tradisioneel aansienlike tyd en moeite geveer om hierdie profiel jaarliks by te werk en te publiseer. 'n Inisiatief is deur IOB van stapel gestuur om 'n nuwe paneelbord te ontwikkel wat met die institusionele datapakhuis sal verbind om outomatiese bywerkings van die betrokke data moontlik te maak. Sorg is gedra om slegs opgesomde data deur te voer om toegang tot meer gedetailleerde of sensitiewe datagroeperings te verbied. Die paneelbord is in Power BI™ se publieke domein beskikbaar gestel en die voordeel hiervan was dat gebruikers sonder 'n Power BI™-lisensie toegang tot hierdie data kon kry. Die nuwe statistiese profiel is gedurende die laaste kwartaal van 2020 voltooi en beskikbaar gestel, en is [hier](#) te vinde. As 'n bykomende voordeel het die gebruik van hierdie paneelbord deur interne gebruikers gedurende 2021 geweldig toegeneem aangesien hulle belangrike inligting byderhand kon hê.



Figuur 15: Verdeling van studentegetalle volgens huistaal (2012–2020)


Verdeling van personeel: Die SUN-i-paneelbord vir die verdeling van personeel bied 'n oorsig van die nuutste en Junie-statistieke vir personeelsyfers en is nou as 'n interaktiewe Power BI™-verslag beskikbaar. Die inligting wat in die model gebruik word, is gegrond op data wat in die SUN e-HR-stelsel vasgelê is, wat verder uitgebrei en aangevul word met relevante datadimensies binne SUN-i. Die doel van hierdie Power BI™-paneelbord is om vinnige insigte te kry van die US se personeel ten opsigte van getalle, aard van aanstellings en verwante tendense.



Figuur 16: 'n Skermgreep van die SUN-i-paneelbord vir die verdeling van personeel

Personeel-VE: Die SUN-i-paneelbord vir personeel- voltydse ekwivalent (VE) gee 'n oorsig van die VE aantal personeel gegrond op data wat in die SUN e-HR-stelsel vasgelê is. Die data word verder aangevul om die VE senior lektor-ekwivalent (VE-SLE) per kategorie aan te dui. Die SLE-faktor (wat gebruik word om VE personeelsyfers in VE-SLE-syfers om te skakel), word bereken as die basiese vergoeding van 'n personeellid se posvlak relatief tot die basiese vergoeding van 'n senior lektor. Die gewigte word vir sowel akademiese as PASD-personeel bereken, gegrond op hul onderskeie basiese vergoedingskale, m.a.w. 'n senior lektor op posvlak 7 het 'n SLE-faktor van 1.

Die VE-SLE-maatstaf is nuttig om omgewings met mekaar te vergelyk, of die evolusie van 'n gegewe omgewing met verloop van tyd, aangesien die maatstaf konsekwent vir verskille in posvlakke van personeel voorsiening maak. Die doel van hierdie Power BI™-paneelbord is om 'n begrip te kry van die US se VE personeel en verwante tendense.



Figuur 17: 'n Skermgreep van die SUN-i-paneelbord vir personeel VE

1.16. JAARLIKSE EKSTERNE OUDIT VAN PERSONEEL- EN STUDENTEDATA

Die eksterne ouditproses van die US se 2020 studente- en personeeldata het aan die begin van Junie 2021 begin en is middel-Julie 2021 voltooi.

Data-elemente wat vir akkuraatheid geoudit moet word, word deur die DHOO voorgeskryf. Van hierdie data-elemente is: Die US se matriks vir programkwalifikasies, die status van studente se akademiese aktiwiteit, studente-inskrywingsyfers, studente- voltydse ekwivalente (VE), die status van die goedkeuring van kwalifikasies, NKR-vlakke van kwalifikasies, ingeskrewe VE-berekeninge, voltooide VE-berekeninge, modulevlakke, module-CESM'e, aanwysers vir grondslagmodules, berekeninge van krediete vir navorsingsmodules, data oor geslag/ras/nasionaliteit/NSFAS, personeel-VE-berekening, personeel-CESM-data.

Ernst & Young is vir die tweede jaar die eksterne ouditeur en na verwagting sal daar, soos in die verlede, aan die einde van die ouditproses 'n ouditverslag sonder enige wesenlike bevindings wat strydig met DHOO-ouditvoorskrifte is, uitgereik word.

1.17. WET OP DIE BEVORDERING VAN TOEGANG TOT INLIGTING

Die nasionale verantwoordelikheid vir die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) is op 1 Julie 2021 van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie na die Inligtings-reguleerder verskuif. Ten tye van die opstel van hierdie verslag was die IOB-afdeling besig om die US se PAIA-verwante dokumentasie by te werk om seker te maak dat dit aan die veranderinge van die PAIA-landskap voldoen. Hierdie bywerking het IOB in staat gestel om te kyk na onlangse maande (Maart tot Junie 2021) waartydens daar 'n aansienlike toename was in die aantal versoeke wat ingevolge die Wet gerig is en in die kompleksiteit en/of omvang van individuele versoeke. Dié versoeke het 'n beduidende impak op die werksaamhede van die Universiteit gehad, want individue uit verskeie areas moes tyd en hulpbronne bestee om hierdie versoeke te hanteer. IOB, en die US as geheel, het baie lesse uit die hantering van hierdie versoeke geleer. As deel van die proses om dokumente by te werk, is IOB van voorneme om dié lesse op te teken en geleenthede vir verbetering uit te lig, en dit dan aan die Rektorat vir verdere bespreking en leiding voor te lê.

1.18. USAF-FORUM OOR DIE WET OP DIE BESKERMING VAN PERSOONLIKE INLIGTING

Universiteite Suid-Afrika (USAf) het die afgelope paar jaar aansienlike pogings aangewend om die openbare universiteitsektor se algehele reaksie op die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) te versterk. Hierdie pogings behels onder meer riglyne vir POPIA, riglyne vir die Europese Unie se algemene regulasies oor databeskerming, individuele riglyne vir sekere sub-onderwerpe, en bewusmakingsmateriaal wat pasgemaak kan word. USAf het in Mei 2021 'n POPIA-forum geskep om inter-institusionele gesprekvoering en ondersteuning tussen onder meer inligtingsbeamptes, adjunk-inligtingsbeamptes en nakomingsbeamptes regoor die sektor te fasiliteer. Mnr. Jerall Toi van die IOB-afdeling is as die eerste voorsitter van hierdie nasionale forum verkies.

1.19. PRIVAATHEIDSIMPAK-SELFASSESSERING

Die IOB-afdeling het 'n aanlyn instrument vir privaatheidsimpak-selfassessering ontwikkel en bekendgestel wat vir alle US-personeel en -studente toeganklik is. Privaatheidsimpak-assesserings (ook bekend as databeskerdingsimpak-assesserings en persoonlike-inligtingsimpak-assesserings) gee uiting aan sowel wetgewende vereistes oor privaatheid as goeie inligting- en databestuurs-praktyke. Die selfassessering stel navorsers en eienaars van institusionele prosesse in staat om vinnig te bepaal wat die waarde van die persoonlike inligting wat ingesamel, gebruik of geskep word, in hul navorsing of proses is. Deur te verstaan wat die waarde van hierdie inligting is, kan navorsers en eienaars van prosesse meer geskikte kontroles ontwerp, meer ingeligte gesprekke met steunomgewings voer oor die vereistes vir berging en (kuber)sekuriteit, of met IOB in verbinding tree vir advies en leiding oor die verwerking van hoër-waarde-inligting.

1.20. HEMIS-SUN-I-SUNSTUDENT

Die US se hernuwingsprojek vir die SUNStudent-stelsel het die IOB-afdeling, in oorleg met die Afdeling vir Inligtingstegnologie, uitgedaag om ou NATURAL ADABAS-prosedures, -prosesse en -funksionaliteite ten opsigte van HEMIS-verslagdoening en ander statutêre en nie-statutêre verslagdoening te heroorweeg en herontwerp. Bykans al hierdie prosesse en prosedures is alreeds omskep in Structured Query Language (SQL) en na die SUN-i-dataplatform gemigreer, wat in 'n groot mate die huidige studente-inligtingstelsel (SIS) se prosedures en prosesse vir HEMIS- en ander statutêre verslagdoening sal vervang. Die volgende fase is om alle prosesse en prosedures te omskep om aan te pas by die nuwe SUNStudent-konteks en om huidige HEMIS-kurrikulumdata-elemente by dié in SUNStudent te pas, asook die konfigurasie en aanpassing van die data-argitektuur wat nodig is om te verseker dat HEMIS- en ander statutêre verslagdoening nie onder SUNStudent in gedrang sal kom nie.

1.21. OPNAMES

Die IOB-afdeling administreer en ontleed verskeie jaarlikse opnames in samewerking met en in diens van ander afdelings, hoofsaaklik gesentreer in Studentesake. Gedurende die verslagtydperk het dit ingesluit:

- Die 2020 opname oor gegradueerdes se bestemmings
- Die 2021 SUBSIFY-opname (US se basislyn-opname vir inkomende eerstejaarstudente)
- Die 2021 opname oor die verwelkoming van nuwelinge

Gegewe die buitengewone omstandighede van 2020, het die behoefte ook ontstaan om 'n begrip te kry van die werklike ervarings van studente in 2020 – deur hulle ervarings van aanlyn-leer en meestal van die huis af leer, te dokumenteer. Die US Kampus in die Wolk 2020-opname is dus in samewerking met kollegas van Studentesake saamgestel, geloods en ontleed.



KERN STRATEGIESE TEMA 2

'n Transformerende studente-ervaring



Die institusionele doelstellings vir 'n transformerende studente-ervaring is:

- Voorsien 'n unieke, verpersoonlikte studente-ervaring wat dien as katalisator vir transformasiegeërigte verandering te midde van geleenthede vir betrokkenheid en ontwikkeling deur 'n eersterangse akademiese aanbod, wat graduandi toerus om in 'n diverse wêreld die leiding te neem en uit te blink.
- Ontwikkel ons studente se graduandi-kenmerke om 21ste-eeuse burgers te wees en hulle volle potensiaal te verwesenlik.
- Versterk strategiese inskrywingsbestuur om toegang en inklusiwiteit te verbeter.
- Verbeter ons studenteslaagsyfer deur opvoedkundige innovasie.
- Lewer omvattende steundienste van 'n hoë gehalte aan ons studentegemeenskap.
- Versterk en brei geleenthede vir deelname deur ons aansienlike alumnigemeenskap uit.
- Skep gepaste geleenthede vir werksgeïntegreerde leer vir 'n suksesvolle loopbaan en 'n positiewe impak op die samelewing.

Die VS: Strategie en Internasionalisering het gedurende die verslagtydperk die bereiking van hierdie institusionele doelstellings ondersteun deur middel van die aktiwiteite wat hieronder bespreek word.

2.1. GLOBALE ONDERRIGGELEENTHEDE VIR STUDENTE

US Internasionaal het die deelname van studente aan verskeie wêreldwye onderriggeleenthede gefasiliteer. Hierdie geleenthede sorg dat US-studente globale en interkulturele vaardighede ontwikkel wat sal verseker dat hulle ná graduering in 'n globale omgewing kan funksioneer. 'n Opsomming van hierdie wêreldwye onderwysgeleenthede volg:

Umoja Inaugural African Student Leaders Network Summit 2021: Die eerste beraad vir Afrika-studenteleiersnetwerke, Umoja, is op 10 en 11 Junie 2021 deur Studente-oorsigbestuur en SUI aangebied. Die missie van die netwerk is om Afrika-studenteleiers te verenig om voorspraak te lewer vir etiese leierskap en goeie oorsigbestuur. Die tweedaagse virtuele beraad het verskillende temas gedek en is bespreek deur deelnemers van agt hoërsonderwysinstellings in Suid-Afrika en die res van Afrika. Altesaam 253 afgevaardigdes van regoor die wêreld het die beraad bygewoon.

International Conference of Undergraduate Research: Die internasionale konferensie van voorgraadse navorsing is 'n jaarlikse konferensie wat deur die Universiteit van Warwick en Monash Universiteit ingestel is. Dertien universiteite, insluitend die US, neem tans aan die konferensie deel. Sestien voorgraadse US-studente van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het hul navorsing voorgelê tydens die virtuele konferensie wat op 29 en 30 September 2020 gehou is.

Globale Week: US Internasionaal het van 12 tot 16 Oktober 2020 sy eerste aanlyn Globale Week aangebied (www.sun.ac.za/globalweek). Die doel was om studente aan te moedig om beskikbare aanlyn en fisiese mobiliteitsgeleenthede in 2021 te benut. Elke dag het op 'n spesifieke tema gefokus, met die verantwoordelike koördineerder van US Internasionaal wat 'n voorlegging gedoen het en 'n paneelbespreking met studente via MS Teams gelei het. Alle sessies is opgeneem en op die Globale Week-webwerf geplaas om vir asinchroniese betrokkenheid voorsiening te maak.

Tübingen-uitruilprogram: Die Tübingen Suid-Afrika-program wat in 2000 ingestel is, word deur die Eberhard Karls Universität Tübingen in Duitsland en deur die US in Suid-Afrika gekoördineer. Voor die Covid-19-pandemie het studente in die program vir die maand van Januarie na Tübingen gereis en aan verskeie seminare en uitstappies deelgeneem. Weens reisbeperkings is die program omskep in 'n tweeweekse virtuele uitruilprogram. Tien Suider-Afrikaanse studente het deelgeneem, waarvan vyf US-studente was. Dit was een van die US se eerste

aanlyn kort virtuele uitruile wat saam met 'n ander internasionale universiteit aangebied is.

Global Citizenship - kortkursus - fase 1: Die kort kursus genaamd Global Citizenship is 'n gesamentlike onderneming tussen US Internasionaal en die Frederick Van Zyl Slabbert Instituut (FVZS). Die kursus was voorheen belyn met die ontwikkeling van interkulturele bevoegdheids, maar is nou met die volhoubare ontwikkelingsdoelwitte (VOD's) vir 2030 belyn. Studente het deelgeneem deur onder meer te dekonstrueer wat dit beteken om 'n wêreldburger te wees, en het meer oor die VOD's en ander wêreldwye kwessies te wete gekom. Altesaam 39 studente het vir die kursus ingeskryf.

Global Citizenship - fase II: US Internasionaal is betrokke by 'n program genaamd 'In conversation with Globalisation', in samewerking met die Universiteit van Stuttgart (Duitsland), St. Xavier's College (Indië) en die Universiteit van Bergamo (Italië). Negentien deelnemers van die vier instellings het aan aktiewe gespreksvoering deelgeneem en produktief tydens 'n kombinasie van aanlyn seminare en werk meegedoen. Die program het aan die begin van Maart 2021 gelei tot 'n virtuele projekweek wat op die tema "Post-Covid: Looking ahead" gefokus het.

Study Abroad for Global Learning - kortkursus: Die Global Education Centre (GEC) by US Internasionaal het die kortkursus "Study Abroad for Global Learning" gedurende 2020 ontwikkel en die eerste weergawe daarvan in 2020 aangebied. Daar word van studente wat aan 'n semester-uitruil deelneem, verwag om die kursus te loop. Die kursus bestaan uit tien sessies wat deur GEC-personeellede onderrig word. Die doel van die kortkursus is om studente se globale leer te ondersteun, hulle aan te moedig om globale ambassadeurs vir die US en vir Suid-Afrika te wees, en om hulle te help om die kompleksiteite om in 'n vreemde land te woon en leer, te oorkom. Die kursus is ervaringsleer-gerig en dek die hele lewensiklus van studie in die buiteland, vanaf voor-vertrek tot herintegrasie terug in Stellenbosch. Dit word tans aanlyn deur middel van 'n kombinasie van sinchroniese en asinchroniese onderrig aangebied. Daar word beoog dat die kursus in die toekoms 'n hibriede onderrigbenadering sal volg, met van die sessies wat in-persoon en ander wat aanlyn onderrig word. Dit is in lyn met die US se benadering om hibriede leer met fisiese en virtuele studentemobiliteit te kombineer, waarvan die uitkoms hibriede mobiliteit is. Die "Study Abroad for Global Learning"-kursus is as sodanig ook 'n voorbeeld van die tipe hibriede ondersteuning vir studentemobiliteit wat deur die Hybrid Mobility Hub voorgestel word.

Internasionale Week oor Volhoubaarheid: Tien BCom (Internasionale Besigheid)-studente het in Maart 2021 aanlyn deelgeneem aan die Universiteit van Antwerpen se Fakulteit Besigheid en Ekonomie se “Internasionale Week oor Volhoubaarheid” (of I-Week). Die doel van I-Week was om die studente bloot te stel aan internasionale standpunte en perspektiewe oor korporatiewe volhoubaarheid, sosiale en omgewingsverslagdoening, en besigheidstrategie vir volhoubaarheid. Dit was ’n goeie geleentheid vir

studente om ’n globale perspektief en interkulturele vaardighede in ’n kursus-spesifieke konteks op te doen. Studente het deelgeneem aan interaktiewe lesings wat deur internasionale besoekende professore of besigheidsbestuurders met wêreldwye ervaring aangebied is. Die voltallige sessies, werkswinkels en groepsaktiwiteite is gevolg deur werk aan ’n referaat en voorlegging in klein groepe, en ’n toets. Die tien studente het almal goed geslaag en het die ervaring geniet om aanlyn met hul internasionale eweknieë te verkeer.

2.2. INKOMENDE EN UITGAANDE STUDENTE VIR 2020

As die fisieke studentemobiliteit-getalle van inkomende en uitgaande studente van 2020 met 2019 s’n vergelyk word, is dit duidelik dat die Covid-19-pandemie ’n dramatiese invloed op die fisieke mobiliteit van studente gehad het. ’n Beduidende afname ten opsigte van inkomende internasionale studentegetalle is sigbaar – van 862 inkomende studente in 2019 tot 377 inkomende studente in 2020. Dit was te wyte aan die verbod op internasionale reise, maar studente het ook verkies om in-persoon onderrig te word, eerder as om aanlyn klasse by te woon. Daar was egter in die eerste semester van 2021 ’n sterk herstel van studentegetalle, met altesaam 400 studente wat deelgeneem het.

Wat die uitgaande studentemobiliteit betref, was studente aanvanklik deur die Suid-Afrikaanse reisverbod

beperk om na die buiteland te reis, maar later ook weens die internasionale reisverbod op reisigers uit Suid-Afrika weens die variant van die virus wat in Suid-Afrika voorkom. Alle uitgaande studentemobiliteit is vir die tweede semester van 2020 gekanselleer.

Alhoewel daar 320 uitgaande studente in 2019 was, was daar in 2020 slegs 93 uitgaande studente. US Internasionaal kon daarin slaag om aan die begin van 2021 ’n klein aantal studente na die buiteland te stuur voordat die reisverbod op Suid-Afrika strenger geraak het. Hoewel fisieke mobiliteit belemmer was, is verskeie virtuele uitruilprogramme vir US-studente aangebied. Sommige studente wat nie kon reis nie, het steeds besluit om aan die semester-uitruil deel te neem deur aanlyn klasse van die vennoot-universiteit in Suid-Afrika te loop.

OPSIES VIR MOBILITEIT	GETAL UITGAANDE STUDENTE
Semester-uitruil, eerste en tweede semester	49
Vennootsomer- en winterskole	29 (13 aanlyn)
Internasionale konferensie vir voorgraadse navorsing	16 (aanlyn)
Onafhanklike somer- en winterskole	0
TOTAAL	93

OPSIES VIR MOBILITEIT	GETAL UITGAANDE STUDENTE
Uitruil, eerste semester	122
Uitruil, tweede semester	9 (slegs aanlyn studente)
Vrye bewegings, eerste semester	79
Vrye bewegings, tweede semester	7 (slegs aanlyn studente)
SKEMA, eerste semester	29
Geaffilieerde navorsingstudente	57
Kort programme	74
Somerskool	0
TOTAAL	377

Tabel 4: Aantal uitgaande en inkomende studente vir 2020

2.3. SKEMA-VENNOOTSKAP

Die US het in 2020 'n strategiese vennootskap met SKEMA Business School aangegaan om aan die studente by hul vier globale kampusse 'n buitelandse studievergelyking by die US te voorsien, asook om 'n pasgemaakte akademiese program aan te bied. Die eerste groep het in 2020 gearriveer, maar moes in Maart weens die Covid-19-pandemie na hul tuislande terugkeer. Hulle het egter hul kursusse aanlyn voltooi. Die groep vir die eerste semester van 2021 was 'n baie groter groep van 343 studente. Dit is belangrik om daarop te let dat nie alle studente op die kampus is nie – 81 van die 343 studente is in Frankryk en woon aanlyn by. Die akademiese program bestaan uit drie strome: twee meestersgraad- en een Baccalaureus in Besigheidsadministrasie-stroom (BBA). Elke stroom is pasgemaak volgens die behoeftes van die spesifieke groep wat kursusse loop. Kursusse moes ook in 'n aangevulde modus aangebied word om vir sowel studente in die klas as diegene aanlyn voorsiening te maak.

Die kursusaanbod bestaan uit:

- Kursusse wat spesifiek vir groepe ontwerp is en deel van die US se Wêreldwye Onderwysprogram uitmaak: “Doing Business in Southern Africa”, “Introduction to Data Science”, en “Overview

of South African History”. Hierdie kursusse is in samewerking met akademiese departemente op kampus ontwerp.

- Taalkursusse: Studente kon kies om eerder Chinees of Engels vir akademiese doeleindes te neem.
- Die meeste kursusse wat deur studente geneem word, is op die gebied van ekonomiese en bestuurswetenskappe. Laasgenoemde kursusse word aangebied deur akademiese personeel van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, maar ook deur personeel van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB).

Dit was 'n kruisfakulteit- en kampuswye poging om die akademiese program aan die SKEMA Business School-studente te bied; 'n kleiner groep van 140 studente sal na verwagting in die tweede semester van 2021 bywoon. Benewens die bogemelde drie strome wat in die eerste semester aangebied word, is 'n vierde akademiese stroom vir die tweede semester bygevoeg. Die naam van die akademiese stroom is ESDHEM, en dit is 'n driejarige voorgraadse program met die doel om studente vir die “French Business School Entrance Examinations” voor te berei.

2.4. STUDENTE-KOMMUNIKASIEVELDTOGTE


Studentewerwing: Die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies (SSW) het in Januarie 2021 'n #chooseSU- sosiale mediaveldtog (Facebook en Instagram) van stapel gestuur wat tot 31 Julie 2021 voortgeduur het. Die doel van hierdie veldtog was om die uniekheid van die Universiteit ten toon te stel en vir voorlopig aanvaarde studente te sê waarom hulle studies aan die US moet kies. Dit het daarop gefokus om vir Graad 12-leerders aan te moedig om by die US aansoek te doen.

Desember Gradeplegtigheid 2020: 'n Desember Gradeplegtigheid 2020-kommunikasieveldtog is gekonseptualiseer en geïmplementeer met die doel om gegradueerdes en gaste te voorsien van gebruikersvriendelike toegang tot gedetailleerde en akkurate inligting oor al die prosesse rondom graduering. Die US het tydens die Desember-gradeplegtigheidstydperk ook 'n beduidende hoeveelheid gebruiker-gegenereerde inhoud op sosiale media (#SUgrad) geplaas terwyl studente die verwerwing van hul grade gevier het. Die uitsette van die veldtog was soos volg:

- 'n Vaartbelynde gradueringwebwerf: Die Engelse webwerf het gedurende die tydperk 1 November 2020 tot 1 Februarie 2021 altesaam 85 606 besoekers gehad, waarvan 27 170 gereelde besoekers op die webwerf is. Die Afrikaanse webwerf het gedurende dieselfde tydperk altesaam 4 013 besoekers

gehad, waarvan 1 182 gereelde besoekers op die webwerf is.

- 'n Inligtingsnuusbrief is voor die gradeplegtigheid aan graduandi gestuur
- Verspreiding van 'n gradeplegtigheidsuitgawe van *news@StellenboschUni*
- Plasing van 'n reeks nuusberigte oor gradeplegtighede op die US-webwerf, sosiale mediakanale en in die plaaslike en nasionale media




Figuur 18: 'n Skermbeeld van sosiale mediaplasinge oor die Desember 2020-gradeplegtigheid

Maart Gradeplegtigheid 2021: 'n Maart Gradeplegtigheid 2021-multikanaal-kommunikasieveldtog is gekonseptualiseer en geïmplementeer met die doel om gegradueerdes en gaste te voorsien van gebruikersvriendelike toegang tot gedetailleerde en akkurate inligting oor al die prosesse rondom graduering. Die uitsette van die veldtog was soos volg:

- Virtuele, fakulteit-spesifieke video's van gradeplegtighede: Die video's het tot hede 25 878 kyke gehad
- Regstreekse stroming van PhD-seremonies: Hierdie seremonies het net oor die 2 404 kyke gehad, met die meeste daarvan wat na afloop van die seremonie gekyk is
- 'n Vaartbelynde gradeplegtighedswebwerf: Die Engelse en Afrikaanse webwerf het gedurende Maart 2021 altesaam 11 821 besoekers gehad
- 'n Inligtingsnuusbrieff voor gradeplegtighede
- Verspreiding van 'n gradeplegtighedsuitgawe van *news@StellenboschUni*
- Plasing van 'n reeks nuusberigte oor gradeplegtighede op die US-webwerf, sosiale mediatkanale en in die plaaslike en nasionale media

Registrasie en gelde 2021: 'n Nuwe webblad vir registrasie en gelde is gekonseptualiseer en ontwerp. Die doel van die projek was om vir nuwelinge en terugkerende studente te voorsien van maklike en gebruikersvriendelike toegang tot gedetailleerde inligting oor die registrasieproses, gelde en befondsing. Skakels na die nuwe webwerf is wyd op die US se sosiale mediaplatforms versprei. Die webwerf het in Desember 2020 lewend gegaan, funksioneer goed en is goed ontvang. Die Engelse webwerf het gedurende die tydperk 1 November 2020 tot 1 Februarie 2021 altesaam 85 258 besoekers gehad, waarvan 28 814 gereelde besoekers op die webwerf is. Die Afrikaanse webwerf het gedurende dieselfde tydperk altesaam 5 106 besoekers gehad, waarvan 1 821 gereelde besoekers op die webwerf is.

#USjeugdag: Die KKBA het gedurende Jeugmaand die kollyg geplaas op agt lede van die US-koor – een van elke stemgroep. Elke lid en die dirigent, André van der Merwe, het 'n spesiale Jeugdag-boodskap met die US-gemeenskap gedeel. Hierdie boodskappe is via die US se sosiale mediatkanale versprei. 'n Kort vraag-en-antwoord-tipe artikel van elke lid is ook in Junie op die US se studentebled gepubliseer. Die doel van die veldtog was om uit te beeld hoe die diversiteit van die US-koor nie alleen die klank en repertoire van die koor verryk nie, maar ook vir die lede waardevolle lewenslesse leer en vir hulle 'n plek aanbied waar hulle net hulleself kan wees. Die veldtog was 'n groot sukses, met 'n gemiddelde reikwydte van 12 000 op Facebook wat baie hoër is as die gemiddelde reikwydte van plasinge op ons Facebook-rekening. Kyk na die video op [YouTube](#) en lees oor die veldtog op [Facebook](#).



Figuur 19: Skermbeelde van #USjeugdag-veldtog.

2.5. US OPEDAG 2021

Die US se Opedag is die meeste studente se eerste ervaring van die Universiteit en speel 'n belangrike rol in voornemende studente se ervaring van studentelewe en studies aan die US. In lyn met die Universiteit se verbintenis om aan die Covid-19-veiligheidsprotokolle te voldoen, het die US sy eerste aanlyn opedag aangebied. Meer as 23 238 voornemende studente, ouers en onderwysers het op Saterdag 17 April 2021 aangesluit. Hierdie aantal kuberbesoekers is meer as dubbel die aantal besoekers wat gewoonlik in persoon opedae bygewoon het. Die virtuele gebeurtenis het gehore regoor die wêreld gelok, met besoekers van so ver as Amerika, Namibië, Nederland, Zimbabwe, die

Verenigde Koninkryk, Duitsland, Botswana, Nigerië en Frankryk.

Om te verseker dat alle leerders toegang tot dié dag gehad het, het die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies (SSW) in vennootskap met skole en projekte gewerk, byvoorbeeld Kutlwanong ('n organisasie sonder winsbejag wat daartoe verbind is om die gehalte en getalle van jongmense in townships wat in wiskunde en natuurwetenskappe presteer, te versnel) en TRAC ('n nasionale ingrypingsprogram sonder winsbejag van die US wat op wiskunde en natuurwetenskappe fokus). Skole in voorheen

gebiede regoor die land het hul deure vir leerders en ouers oopgemaak om seker te maak dat hulle belangrike inligting ontvang wat hulle in die besluitnemingsproses kan help.

Die top-vyf aanlyn stalletjies wat besoek is, is Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (7 170 besoekers), Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (6 189 besoekers), Wetenskap (5 888 besoekers), Kuns en Sosiale Wetenskap (5 589 besoekers) en Ingenieurswese (4 452 besoekers). Kontak- en Kliëntedienste het op die dag ook gehelp met 548 lewendige kletse om leerders en ouers deur die webwerf te lei en navrae oor die US se aansoekproses,

beskikbare befondsingsopsies, loopbaanadvies en studenteondersteuning te beantwoord. Die Opedag- webblad het tot 31 Julie 2021 aktief gebly sodat besoekers inligting kon bekom, na inligtingssessies kon kyk en brosjures en dokument kon aflaai. Die webwerf het in die geheel 37 733 besoeke gehad, met 14 364 unieke besoekers.

Die webwerf www.maties.com vir voornemende leerders en ouers is steeds 'n waardevolle hulpbron vir werwingsinligting. Sedert aansoeke op 6 April 2021 oopgestel is, was daar 'n toename in besoekers – die webwerf het 305 660 besoeke ontvang (120 119 besoeke net in Junie).

2.6. SKAKELING MET VOORNEMENDE STUDENTE

Die SSW bied aan voornemende studente verskeie dienste as deel van die pyptyn van studente-ervarings om hulle te help om 'n loopbaankeuse te maak en om die US hul voorkeure van universiteit te maak.

Webinars: Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het op 15 Junie 2021 'n webinar vir 458 leerders, ouers en onderwysers in lewensoriëntering aangebied. Die US het sy akademiese aanbod en aansoekproses in vennootskap met sewe ander Suid-Afrikaanse universiteite aangebied. Die doel van die webinar was om aan universiteite 'n platform te gee om, as 'n alternatief vir in-persoon besoeke aan skole, met leerders en onderwysers te skakel. Daarbenewens, ná die sukses van die Graad 9-11 webinars in 2020, het die SSW 'n Graad 12 webinar aangebied oor hoe om aansoek te doen, die toelatingsvereistes, beskikbare finansiële hulp en ander nuttige inligting wat aan voornemende studente beskikbaar is. Hierdie webinar het op 23 Junie 2021 plaasgevind en het gelyktydig 'n Afrikaanse en Engelse stroom aangebied. Leerders en onderwysers van regoor Suid-Afrika, asook van Lesotho, Malawi, Mauritius,

Namibië, Zambië, Zimbabwe en die Verenigde Koninkryk het die webinar bygewoon. Die aantal inskrywers vir die Afrikaanse webinar was 509, en vir die Engelse webinar 1 124.

Raadgewende sessies: Voornemende studente kry die opsie om individuele sessies met een van vier studente-adviseurs te bespreek om die US se aansoekproses en akademiese aanbod te bespreek. Altesaam 209 geskeduleerde raadgewende sessies is tot Junie 2021 aangebied. Sedert dit as 'n aanlyn diens aangebied word, was daar 'n toename in deelname op nasionale vlak.

Loopbaanadvies (psigometriese assesserings): 'n Betaalde diens word aangebied deur ons sielkundige wat loopbaanadvies lewer om voornemende studente te assesser en hulle met loopbaan- en/of vakkeuses te help. Altesaam 201 geskeduleerde assesserings het van Januarie tot Junie 2021 plaasgevind. 'n Deel van hierdie diens is 'n gefokusde projek, Careers@Maties, wat die top SBIA-presteerders in 27 Wes-Kaapse skole (kosteloos) toets. 46 leerders is reeds vir 2021 getoets.

2.7. DATA-ONDERSTEUNING VIR DELL YOUNG LEADERS-PROGRAM

Die US het in 2019 aansoek gedoen om 'n vennoot van die Dell Foundation Young Leaders-program te word. Hierdie program is 'n beurs-inisiatief wat gemik is op voorgraadse studente uit agtergeblewe agtergronde. Die doel is om finansiële hulp asook akademiese en psigososiale ondersteuning tot en met graduering en daarna aan die studente te bied (om hulle te help om werkseleenthede te kry). Die US is in die eerste helfte van 2020, ná verskeie keuringsrondes, as 'n vennoot gekies. Die Dell Foundation het nou die proses begin om die eerste groep studente te kies om aan die program deel te neem. Die US moes in sy aansoek omvattende inligting oor studente-inskrywings, akademiese prestasie (module-uitslae en deursetkoerse), asook inligting oor beurse en studentegelde vir verskillende professionele voorgraadse programme voorsien. Die Sentrum vir Besigheidsintelligensie binne IOB het die nodige data vir die aanvanklike aansoek asook vir die gevolglike keuringsrondes voorsien. Die data is grotendeels uit die SUN-i Besigheidsintelligensie-stelsel verkry. 'n Lys van potensieële kandidate waaruit die eerste groep studente gekies sou word, is in September 2020 voorgelê. In die toekoms sal die akademiese vorderingsverslae van studente wat vir die program gekies is, deurlopend voorsien word, soos vereis deur die Dell Foundation.



KERN STRATEGIESE TEMA 3

Doelgerigte vennootskappe en
inklusiewe netwerke

Die institusionele doelstellings vir doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke is:

- Ontwikkel 'n raamwerk van beginsels om plaaslike relevansie, streeksimpak en 'n globale reikwydte te verseker ten einde transaksionele vennootskappe te fasiliteer en transformerende vennootskappe te bevorder.
- Bevorder 'n sterk band en interaksie met die besigheidsektor, die bedryf en die regering om ons sterk punte te benut, wat werksgeïntegreerde leer, voortgesette professionele ontwikkeling, samewerkende navorsing, konsultasie, lisensiëring, afwentelmaatskappye en kommersiële ondernemings insluit.
- Omarm die gemeenskappe wat ons bedien om sosiale, kulturele, omgewings- en ekonomiese ontwikkeling en verandering teweeg te bring.
- Versterk en brei geleenthede vir deelname deur ons aansienlike alumnigemeenskap uit, en koester ons verhouding met hulle.
- Bou doeltreffende samewerking deur middel van vennootskappe, alliansies en netwerke met ander universiteite, instellings en organisasies, waar sodanige samewerking tot uitnemendheid in onderrig en leer, uitnemende navorsing en sosiale betrokkenheid en impak bydra.
- Koester gebalanseerde, genetwerkte en wedersyds voordelige vennootskappe wat deur institusionele strukturerings sowel as persoonlike verhoudings gehandhaaf word.
- Smee gepaste vennootskappe met instellings in alle sektore van die samelewing, onder meer in die sferes van die burgerlike samelewing, openbare diskoers, openbare meningsvorming en openbare beleidsbepaling.



Die VS: Strategie en Internasionalisering het gedurende die verslagtydperk die bereiking van hierdie institusionele doelstellings ondersteun deur middel van die aktiwiteite wat hieronder bespreek word.

3.1. GROEI IN INTERNASIONALE VENNOOTSAPPE


Alhoewel die US se internasionale vennootskappe in die algemeen deur middel van navorsing-samewerking of die mobiliteit van personeel en studente organies groei, is die ontwikkeling van vennootskappe die afgelope paar jaar strategies aangedryf deur die US se Internasionalisering-strategie en die gevolglike Vennootskapsraamwerk wat deur US Internasionaal ontwikkel is.

Die groei op streeksvlak (verwys na die grafieke hieronder) kan toegeskryf word aan die fokus op internasionalisering by wêreldwye instellings oor dieselfde tydperk. Die gretigheid om globaal wisselwerking te bewerkstellig en saam te werk het dit beslis makliker en meer algemeen vir instellings gemaak om wisselwerking te formaliseer. Die skerp verskil tussen die aantal vennootskappe met Europa en die ander streke kan aan die US se historiese bande met Europa toegeskryf word. Die US is ook 'n gesogte


vennoot vanweë sy geografiese ligging in Afrika; Afrika is wêreldwyd 'n groot aantrekkingskrag wanneer dit by die nuwigheid en impak van navorsing kom.

Die US se Vennootskapsraamwerk maak ook voorsiening vir die onderskeid tussen institusionele en fakulteits-/departementele (FD)-vlak vennootskappe. Laasgenoemde streef ook daarna om baie van die kenmerke van 'n institusionele vennootskap aan te neem, maar bied meer kuratorskap aan die betrokke akademiese omgewing. US Internasionaal is tans besig om die portefeulje Omvattende Vennootskappe te ontwikkel. Die vennootskappe op FD-vlak ondersteun in die algemeen spesifieke navorsingsamewerkings vir 'n akademiese omgewing.

- Verwys na Addendum A vir 'n lys van die nuwe en hernieude vennootskapsooreenkomste wat gedurende die verslagtydperk aangegaan is.



Grafiek 2: Groei in internasionale vennootskappe



Grafiek 3: Aantal internasionale vennootskappe per streek

3.2. SKAKELING MET VENNOOT-INSTELLINGS

Eksterne verhoudinge en skakeling met vennote, wat deur US Internasionaal bestuur word, het voortgeduur met behulp van aanlyn “aanmelding”-vergaderings, bilaterale navorsingsgefokusde vergaderings en “virtuele” besoeke deur afgevaardigdes. ’n Opsomming van sommige van die vergaderings met vennote volg:

Leiden Universiteit, Nederland (17 Augustus 2020): Die US en Leiden Universiteit is sedert 1992 vennote, met sterk bande in die Fakulteit Regsgeleerdheid. ’n Vergadering is tussen die Global Education Centre en die Centre for Partnerships and Internationalisation Support by die US en hul eweknieë gehou. Die doel was om uitdagings tydens Covid-19 te bespreek en te verstaan, om van die tegniese en administratiewe aspekte van studente-uitruil te bespreek, en om ander moontlike geleenthede vir omvattende internasionalisering uit te brei, soos meer ondersteuning vir gesamentlike PhD’s en personeelmobiliteit.

Hamburg-netwerkvergaderings (ná-vergadering-besinning), Duitsland (10 September 2020): US-kollegas en van die strategiese vennote van die Universiteit van Hamburg is genooi om deel te neem aan ’n reeks webinars as deel van die Hamburg-netwerkvergaderings wat in 2020 aanlyn gehou is. Vier sessies is reeds gehou, en op hierdie vergadering tussen die US, die Noordwes-Universiteit en die Universiteit van Hamburg is daar besin oor wat goed gewerk het en wat die pad vorentoe in terme van aanlyn gesprekvoering behoort te wees. Besprekings het meestal gegaan oor die finansiële impak van Covid-19, modelle vir volhoubaarheid en innovasie, asook die ondersoek van sinergieë tussen die Noordwes-Universiteit en die US se fokus op PASD-kapasiteitsbou en mobiliteitsprogramme.

TU Dresden, Duitsland (15 September 2020): ’n Vergadering is tussen watnavorsers by TU Dresden en die Waterinstituut by die US gehou. Dit is beskryf as ’n “sandput-geleentheid” waartydens idees bespreek is en aanvanklike skakels ondersoek is om sinergieë te vind en die moontlikheid van gesamentlike navorsingsaktiwiteite te verken. Die TUD-watnavorsers het gekyk na maniere om multi-/kruis-dissiplinêre samewerking na die sosiale wetenskappe en ekonomie uit te brei en maniere om internasionale samewerking na Afrika uit te brei, asook om meer oor die hantering van uiterste waterskaarste te wete te kom. ’n Verdere uitleg van navorsingsareas van belang en die “uitsprei van die net” navorsers is vir die toekoms voorgestel.

Leipzig Universiteit, Duitsland (28 September 2020): Leipzig Universiteit is ook sedert 1998 ’n gevestigde vennoot van US Internasionaal. ’n Aantal volgehoue aktiwiteite is tans aan die gang en dit was ’n “aanmelding” om die band tussen ons instellings sterk te hou. Die vergadering het op drie hoofonderwerpe gefokus, naamlik: virtuele en hibriede mobiliteit, geleenthede vir samewerkende aanlyn internasionale leer (COIL), en gesamentlike befondsing. Verskeie sinergieë in die hibriede mobiliteitskonsep het aan die lig gekom en verdere besprekings en die uitruil van idees sal deur US Internasionaal gelei word.

Universiteit van Lausanne, Switserland (8 Oktober 2020): Die US se vennootskap met die Universiteit van Lausanne strek oor byna ’n dekade, met die eerste formele MvV wat in 2012 aangegaan is. Tydens hierdie vennoot-“aanmelding” het die vennote ’n gesprek gehad oor hoe Covid-19 ons bedrywighede beïnvloed het, verslagdoening oor voortgesette samewerking in terme van studentemobiliteit, en belangrike opvolgaksies voortspruitend uit ’n besoek aan die Universiteit van Lausanne deur die US Rektor en Visekanselier, Prof Wim de Villiers, in Januarie 2020. Die vennote beplan om as ’n pad vorentoe na opsies te kyk vir ’n navorsingsverwante bespreking, veral op interdisiplinêre terreine met verskillende oorvleueling soos mikrobiologie, geesteswetenskappe, sportwetenskap en ekonomie.

Universiteit van Bath, Verenigde Koninkryk (29 Oktober 2020): Die vennootskap met die Universiteit van Bath het die afgelope dekade eksponensieel gegroei, met verskeie aktiwiteite en skakeling wat plaasgevind het. Dié vennootvergadering het oor verskillende onderwerpe gegaan, insluitend ’n oorsig van elke vennoot se hoëronderwysomgewing, internasionaliseringstrategie, en sleutelprioriteite wat op die vennootskap betrekking het, “Town-and-Gown”-netwerk en Burgerlike Skakeling, doktorale opleiding, gesamentlike PhD-somerskole in Afrika, die ontwikkeling van netwerke van navorsingsuitnemendheid, die verkenning van navorsing, praktyk en oorsigbestuur vir gelykheid, diversiteit en insluiting, die uitbreiding van deelname, en volhoubaarheid. Die vergadering het ook gesprekvoering rondom nagraadse navorsing, nuwe verwikkelinge in onderrig en leer, soos COIL-inisiatiewe, en ’n oorsig van die US se aksies met betrekking tot studentemobiliteit ingesluit.

Humboldt Universiteit Berlyn, Duitsland (30 Oktober 2020): Die US se verhouding met die Humboldt Universiteit Berlyn strek oor dekades, en hierdie vennootvergadering het gehandel oor bestaande aktiwiteite binne die vennootskap. Daar was nog altyd goeie studentemobiliteit ten opsigte van semester-uitruilings, winter-/somerskole en kort programme. Navorsing/akademiese kontak is baie afhanklik van fakulteite se belangstelling, en die enigste konsekwente aktiwiteit is tans op die gebied van teologie en godsdienswetenskap. Die gesprekke het klem gelê op die realistiese maniere om hierdie samewerking uit te brei, insluitend personeelmobiliteit sodra dit weer moontlik is.



Universiteit van Hohenheim, Duitsland (17 Maart 2021):

Die Universiteit van Hohenheim is gretig om die US se samewerking voort te sit deur Erasmus+, wat befondsing vir personeel- en studentemobiliteit aanbied, maar reis is tans beperk weens die pandemie. US-studente kan ook nie na die somerskool van die Universiteit van Hohenheim reis nie, maar virtuele alternatiewe word wel aangebied. Beide instellings wag op die uitkoms van 'n gesamentlike DAAD-aansoek vir die bod vir 'n wêreldwye Sentrum vir Klimaat en Omgewing.

NC State University, VSA (30 April 2021):

Hierdie vennootskap het die afgelope paar jaar vanaf die aanvanklike band deur AC21 en samewerking in ingenieurswese (insluitend studentemobiliteit) gegroei. Daar is baie sinergie tussen die instellings, met NC State

wat ook 'n SKEMA-kampus en 'n Japanese Sentrum aanbied. Die ooreenkoms tussen die US en die NC State University moet binnekort hernu word en die US is gretig om die vennootskap voort te sit. Opvolggesprekke in hierdie verband sal binnekort gehou word.

Universiteit van Straatsburg, Frankryk (8 Junie 2021):

Die US het 'n produktiewe vergadering gehou met dr Claude Chailan, die mededirekteur van die Uitvoerende MBA aan die EM Straatsburg Besigheidskool. Hoewel die US se verhouding met Straatsburg aanvanklik deur die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) was, het dit sedertdien gegroei tot 'n institusionele band met goeie studentemobiliteit, vir sowel semester-uitruil as somerskoolmobiliteit. Die vennote sal voortgaan om maniere van samewerking te ondersoek en 'n opvolgvergadering word binnekort verwag.

3.3. GLOBALE VENNOOTSKAPPE EN NETWERKE

Netwerkskakeling het tydens die Covid-19-pandemie toegeneem, aangesien baie van die US se vertroude vennote na maniere kyk om die funksie van internasionalisering te versterk deur in oorleg te werk met vennote wat aan onderlinge netwerke behoort. 'n Opsomming van sommige van hierdie aktiwiteite volg:

ANIME-netwerk: Straatsburg Universiteit in Frankryk het die US genader om 'n stigterslid van die Akademiese Netwerk vir Inklusiwiteit, Meertaligheid en Uitnemendheid (ANIME) te word. Hierdie netwerk bring universiteite byeen wat soortgelyke waardes deel en inklusiewe uitnemendheid, meertaligheid en openheid vir die burgerlike samelewing beklemtoon. Die fokus is op die ontwikkeling van sterk interdisiplinêre, inklusiewe navorsing en opleiding op internasionale vlak. Die US se taak is om werkgroep 3 te koördineer, met die fokus op inklusiewe uitnemendheid.

Internasionale Netwerk van Universiteite: 'n Ander nuwe netwerk is die Internasionale Netwerk van Universiteite (INU) waarby die US in Desember 2020 aangesluit het. Die US is die enigste Afrika-vennoot in hierdie netwerk en word op die INU Akademiese Raad deur prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering, en me Sarah van der Westhuizen, 'n bestuurder by US Internasionaal, verteenwoordig. Die doel van die INU is om 'n wêreldwye platform te voorsien waar lede saamwerk om transformerende ervarings te skep wat die globale betrokkenheid van studente, fakulteite en personeel voortdurend bevorder.

Netwerk van Sosiale Wetenskappe-universiteite: Die Netwerk van Sosiale Wetenskappe-universiteite (SSUN) wat deur LUISS (Rome) en Renmin Universiteit (China) gekoördineer word en waarvan die US 'n lid is, het in November en Desember 2020 vier webinars oor temas met betrekking tot kunsmatige intelligensie aangebied. Prof Bruce Watson (Inligtingkunde) en prof Gert-Jan van Rooyen (Ingenieurswese) van die US het deelgeneem.

Suid-Afrika Swede Universiteitsforum: 'n Gevestigde netwerk waaraan die US behoort, die Suid-Afrika Swede Universiteitsforum (SASUF), het aan die einde van sy eerste fase gekom. Die US is sedert 2018 'n aktiewe lid en neem aan die netwerk se jaarlikse konferensie deel. 13 US-navorsers het daarin geslaag om in die eerste fase saam met hul eweknieë in Swede befondsing te bekom. Elke projek het R160 000 ontvang om gesamentlike navorsingsontwikkeling moontlik te maak. Die laaste konferensie sou in Swede gehou word, maar is as 'n virtuele konferensie genaamd "SASUF Goes Digital 2020" aangebied. 'n Leierskapsberaad is deur die US Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, en Viserektor prof Hester Klopper bygewoon. Hierdie konferensie is ook aangewend as 'n laaste stap om 'n ooreenkoms te formuleer vir voortgesette samewerking in die volgende drie fases van die projek. Die doel is om samewerking oor die volgende tien jaar te versprei sodat die uitdaging om die VN se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte tot 2030 na te kom, verder aangepak kan word.

“Town-and-Gown”-netwerk: Die US, as gasheer van die “Town-and-Gown” (T&G)-sekretariaat het in Januarie 2021 ’n T&G-forum vir doeltreffender kruis-divisionele samewerking gestig om algemene doelwitte te bely, naamlik om die US se burgerlike betrokkenheid en oorlegpleging met besigheid, die samelewing en industrie te versterk en te ondersteun. Die forum is daarop gemik om in te skakel by die Internasionale T&G-praktykgemeenskap deur meer inhoudelike insette en kennis, en praktykdeling moontlik te maak. Die huidige lede van die forum is dr Leslie van Rooi (Sosiale Impak), mnr Robert Kotzé (SUI) en me Lidia du Plessis (US Internasionaal). Die plan vir 2021 is om die ontwikkeling van ’n T&G-praktykgemeenskap onder die huidige 13 lidinstellings te ondersteun.

AC21-konsortium: Die US is herkies tot die beheerkomitee van die AC21-konsortium, saam met Nagoya Universiteit (Japan), Universiteit van Straatsburg (Frankryk), North Carolina State University (VSA), Nanjing Universiteit (China) en die Universiteit van Freiburg (Duitsland). Die US het in 2020 suksesvol deelgeneem aan drie AC21-projekte wat deur die AC21-spesiale projekfonds gefinansier is. Daarbenewens het verskeie US-personeellede van 7 tot 9 Desember 2020 virtueel deelgeneem aan die AC21 Aanlyn Internasionale Forum 2020. Die tema was “New Pathways in Higher Education to meet Challenges of Global Change” en die forum is deur Kasetsart Universiteit in Bangkok, Thailand aangebied.

Globale Navorsingsalliansie SMARTY-program: Die US is genader om as vennoot met Sao Paulo State University (UNESP) saam te werk as deel van hul Globale Navorsingsalliansie oor klimaat-slim landbou en bosbou, “Sustainable Smart Farming: Tropical Agriculture and Forest Production Systems” (SMARTY). UNESP het

goedkeuring ontvang vir ’n toelaevoorstel “Project of Internationalisation” (PrInt) om nagraadse programme te versterk en internasionale navorsingsamewerking deur middel van Brazilian Federal Universities-befondsing uit te brei. Die PrInt-projek is gegrond op die VN se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte, en die globale alliansies is die primêre institusionele instrumente wat gebruik word om strategiese vennootskappe te bou. Die US het ’n ooreenkoms onderteken om ’n vennoot te wees, en as dit suksesvol is, sal hierdie Globale Navorsingsalliansie SMARTY-projek by die US deur die Fakulteit AgriWetenskappe gekoördineer word, met ondersteuning van US Internasionaal. Die projek sal navorsingsmobiliteit en die ontwikkeling van gesamentlike navorsingsaktiwiteite oor ’n tydperk van drie tot vyf jaar moontlik maak.

Global Alliance of Universities on Climate (GAUC): Die US het in 2019 deel geword van die GAUC en is tans die enigste universiteit in Afrika wat deel is van die alliansie. Prof Hester Klopper is verkies om in die raad te dien, terwyl prof Guy Midgley in die akademiese raad dien. In die aanloop tot die Verenigde Nasies se 2021-konferensie oor klimaatsverandering, oftewel COP26, sal US-studente aan ’n studenteberaad deelneem wat GAUC aanbied.


Venice International University (VIU): US, KU Leuven en Waseda Universiteit het in 2022 ’n voorstel ingedien vir ’n nagraadse seminar (soortgelyk aan die voormalige SU-KU Leuven Think Tank – aanlyn-interaksie gevolg deur persoonlike seminar), getiteld ‘Digitale burgerskap: Verken die geleenthede en uitdagings van ’n gedigitaliseerde samelewing’ met prof Kanshu Rajaratnam van die US se Skool vir Datawetenskap en Rekenaardienke as US akademiese leier. Die US wag op die uitslag van hierdie voorstel.

3.4. INTERNATIONAL@FACULTY-WERKGROEPE

Die implementeringsfase van die US se Internasionaliseringstrategie behels verskeie aksies om fakulteite te ondersteun om hul navorsing, onderrig en leer, en ander internasionale vennootskapsaktiwiteite met hierdie strategie te bely. Een belangrike lewerbare uitset van hierdie aksieplan is ’n omvattende Vennootskapsraamwerk wat fokus op bilaterale vennootskappe (formele verhoudinge gegrond op ondertekende ooreenkomste) met hoërondewysinstellings en verwante internasionale opvoedkundige organisasies. ’n Spesifieke onderskeid wat in die Vennootskapsraamwerk getref word, is die vlak van die ooreenkoms: institusionele vlak, en fakulteits- of departementele (FD) vlak. Versoeke vir FD-vlak-ooreenkomste word deur International@Faculty-werkgroepe hersien en dan vir oorweging en verwerking na die US Internasionaal-werkgroep vir Ooreenkomsontwikkeling verwys om aan institusionele riglyne te voldoen.

Die volgende fases in die ontwikkeling en implementering van die vennootskap word met die ondersteuning van die International@Faculty-forum en die US Internasionaal-skakelbeampste deur fakulteite volgens hul spesifieke prioriteite bestuur. Lede van die US Internasionaal-bestuurspan was in gesprekke met fakulteite om die ontwikkeling van werk- of belangegroepe op fakulteitsvlak met koördinering en inligtingsvloei te ondersteun. Die eerste vergaderings van die werkgroepe is gedurende die verslagtydperk gehou, in die aanloop tot die Mei-vergadering van die Institusionele Advieskomitee vir Internasionalisering (IACI), om die status van vennootskapsooreenkomste op fakulteitsvlak te evalueer, om die prosesse vir ooreenkomsontwikkeling te bely, en om maniere te vind om meer behendig te reageer op geleenthede wat beskikbaar is deur ons bilaterale vennootskappe en die multilaterale konsortia en netwerke waaraan die US behoort.

3.5. VENNOOTSKAPPE EN NETWERKE IN AFRIKA



Figuur 19: Bilaterale institusionele en fakulteitsooreenkomste

In lyn met die US se visie om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te wees, het US Internasionaal se Centre for Collaboration in Africa (CCA) op vier belangrike vennootskappe gefokus. 'n Opsomming daarvan volg:

PERIPERI-U: US Internasionaal huisves die PERIPERI-U-sekretariaat wat met die VN Ontwikkelingsplan (UNDP) saamgewerk het om 'n aanlyn kursus genaamd "Covid-19 Recovery Needs Assessment and Recovery Planning" bekend te stel. Die opleiding dra by tot kapasiteitsbou in die streek om uitdagings met betrekking tot Covid-19 aan te pak en om die grondslag te help vestig vir 'n poel kenners in die streek wat genader kan word om kwessies en uitdagings ten opsigte van Covid-19 te hanteer. Die eerste van hierdie opleidingsessies is van 17 tot 20 November 2020 gehou en die fokus was op die opleiding van 37 belanghebbendes wat in die streek by akademie betrokke is. Die deelnemers aan die tweede kursus wat van 1 tot 4 Desember gehou is, was hoofsaaklik van regeringskantore en -departemente van die spesifieke projeklande afkomstig, tesame met verteenwoordigers van die African Union Commission (AUC) en ECOWAS. Verteenwoordigers van die African Youth Advisory Board is vir deelname en opleiding na albei kursusse genooi.

Die PERIPERI-U-sekretariaat het ook 'n projek in vennootskap met die Wêreldbank gelei, wat gefokus het op die versterking van navorsingsamewerking oor ramprisikovermindering in Suider-Afrika. Hierby ingesluit was 'n streeksnavorsingsprojek wat die

netwerk vir toegepaste navorsing en kapasiteitsbou oor ramprisikovermindering (RRV) regoor die SAOG-streek ondersoek het, asook 'n reeks aanbevelings vir die verbetering van kapasiteitsbou en hoe om 'n doeltreffende en sinvolle navorsingsnetwerk vir RRV in Suider-Afrika te ontwikkel. 'n Valideringswerkwinkel is op 2 Junie 2021 gehou om opbouende kritiek en insette oor die bevindings, ontleding en aanbevelings van belanghebbendes regoor die streek te verkry. Die projek moes aanvanklik akademiese uitruile oor die streek ondersteun, maar weens die Covid-19-pandemie opgelê is, het die PERIPERI-U-sekretariaat 'n aanlyn kortkursus vir 45 deelnemers van regoor die streek aangebied oor die grondbeginsels van RRV in Suider-Afrika en op die vasteland. Die kortkursus het vier weke geduur en het amptelik op 30 Junie 2021 geëindig.

Ronde tafel: Die US se Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, het op 13 November 2020 'n virtuele ronde-tafel-bespreking met 'n paar geselekteerde leiers en akademici van vennoot-instellings aangebied, in oorleg met die Africa Centre for Scholarship (ACS) en die SSA. Die doel van die ronde-tafel-bespreking was om sommige van die benaderings te deel wat universiteite reeds oorweeg en gevolg het met die ontwikkeling van kapasiteit in navorsing en die bevordering van vakkundigheid op die vasteland, en om te besin oor hoe vakkundigheid op die vasteland deur volhoubare vennootskappe versterk kan word. Die uitkomst van die ronde-tafel-bespreking sal die implementering en ontwikkeling van die ACS se inisiatief vir ontlukende vakkundiges rig.

AUDA-NEPAD Sentrum van uitnemendheid in wetenskap, tegnologie en innovasie: As een van die African Union Development Agency (ADUA-NEPAD) se vyf streeksentrums van uitnemendheid (CoE – ‘*centre of excellence*’) in Afrika, is die AUDA-NEPAD CoE in wetenskap, tegnologie en innovasie (STI) oorgehaal om ’n belangrike instrument te wees in die generering en/of benutting van kennis en wetenskap-gesteunde innovasies om beleids- en beleggingsbesluite in die implementering van Agenda 2063 regstreeks te ondersteun. Dit is opgestel in Stellenbosch binne die AUDA-NEPAD en WNNR Bilaterale Samewerkingsraamwerk, en het die direkte betrokkenheid van die US (gelei deur prof Eugene Cloete, Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies) ontvou in ’n trilaterale vennootskap wat belangrike toegang tot die wêreldklas Stellenbosch-gebaseerde wetenskap- en innovasie-ekostelsel bied. Na aanleiding van ’n virtuele werkswinkel in Desember 2020 met 144 navorsers en programbeamptes van die US, die WNNR en AUDA-NEPAD, het die SSA ’n leidende rol gespeel in medewerking met die WNNR en AUDA-NEPAD om die AUDA-NEPAD CoE in STI in bedryf te stel en om ’n besigheidsplan saam te stel wat gegrond is op ’n aanvanklike 44 innovasies wat gedurende die werkswinkel in Desember 2020 geïdentifiseer is. ’n Formele besigheidsplan is vervolgens saamgestel en een-op-een-gesprekke met projekteleiers het gelei tot die ontbondeling van die innovasies om moontlike sinergie en geleenthede in projekte vir die verskaling van die innovasies in die res van Afrika te identifiseer. Verdere aktiwiteite behels die identifisering van prioriteitsprojekvoorstelle, hulpbron-mobilisering en die gedetailleerde hulpbronvereistes van die US om tot die inbedryfstelling van die AUDA-NEPAD CoE in STI by te dra. Die formele bekendstelling van die AUDA-NEPAD CoE in STI het op 22 Junie 2021 plaasgevind.

AUDA-NEPAD Suider-Afrika netwerk van watersentrums van uitnemendheid:

- 21ste WaterNet/WARFSA/GWPSA-simposium: Die AUDA-NEPAD Suider-Afrika netwerk van watersentrums van uitnemendheid (SANWATCE) het van 28 tot 30 Oktober 2020 tydens die 21ste WaterNet/WARFSA/GWPSA-simposium ’n virtuele spesiale sessie genaamd “Implementing the SADC Water Research Agenda: the WARFSA Aligned Research Grant” gehou, wat ses studentenantworsingsprojekte wat deur die DSI-befondsde WARFSA se belynde navorsingstoelaes ondersteun is, ten toon gestel het.
- ACEWATER e-gereedheidsassessering: Die Covid-19-pandemie en gevolglike beperkte beweging van mense het dit vir sentrums van uitnemendheid (CoE’s) moeilik gemaak om kursusse via die konvensionele metodes van in-persoon, klaskamerlesings, laboratorium-sessies en veldwerk bekend te stel, wat dus ook die bekendstelling van kursusse onder die ACEWATER II-projek beïnvloed het. ’n E-gereedheidsassessering is dus onderneem om alternatiewe leermetodes te ondersoek en ondersteuning aan CoE’s te gee om kursusse op ’n alternatiewe wyse aan te bied, soos die digitalisering van kursusmateriaal, afstand- en aanlyn leer.
- ACEWATER e-implementering: Na afloop van die e-gereedheidsassessering het vyf CoE’s kursusse aangebied: (1) Aanlyn: Die Universiteit van Wes-Kaapland het drie kursusse aangebied, een daarvan in oorleg met die WNNR; (2) In-persoon: Aangesien Covid-19-beperkings in meeste deel van die streek opgehef is, is vyf kursusse in Oktober 2020 deur die universiteite van Malawi (2), Eduardo Mondlane (2), en Zambië (1) aangebied.
- NRF Africa Rapid Grant Call: Die SANWATCE-sekretariaat het die ontwikkeling van ’n suksesvolle voorstel aan die NRF Africa Covid-19 Rapid Grant Call saam met die Universiteit van Malawi en die UWK gefasiliteer. Die doel van die studie is om die impak van die Covid-19-pandemie op die sosio-ekonomiese bestaan van kwesbare gemeenskappe in half-woestynagtige areas van Malawi te ondersoek.

3.6. VIERING VAN DIE US SE AFRIKA-VOETSPoor

In lyn met sy visie om ’n voorste, navorsingsintensiewe universiteit op die Afrika-vasteland te wees, het die US sowel Afrika-Universiteitsdag en Afrikadag gevier. Op 12 November 2020 het die US die tweede Afrika-Universiteitsdag-seminaar virtueel aangebied onder die tema “Nurturing Sustainable African Partnerships”. Prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering het die meer as 80 virtuele deelnemers verwelkom, gevolg deur ’n bydrae van prof Barnabas Nawangwe, Visekanselier van Makerere Universiteit, Uganda. Verskeie US-akademici het aangesluit by kollegas van regoor die vasteland om hul samewerkende projekte aan te bied. Die waarde van kontekstualisering, institusionele ondersteuning en die wedersydse aard van vennootskappe is tydens die

seminaar beklemtoon as belangrike suksesfaktore om volhoubare vennootskappe te bou.

Die US het op 25 Mei 2021 Afrikadag gevier deur middel van verskeie aanlyn gebeure en die publikasie van meningstukke, wat bygedra het tot besinning oor die US se vennootskappe in die vasteland. Die fokus was op die vennootskap tussen die Afrika-unie Ontwikkelingsagentskap (AUDA-NEPAD), die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) en die US om die AUDA-NEPAD Sentrum van Uitnemendheid in Wetenskap, Tegnologie en Innovasie te vestig. Die US Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, het die jaarlikse Afrikadag-lesing op 27 Mei 2021 aangebied.

3.7. SKAKELING MET SKOLE VIR STUDENTEWERWING

As deel van sy mandaat om vennootskappe met toevoerskole en nuwemarkskole te bou, skakel die SSW met skole regoor Suid-Afrika. Terwyl die eerste semester van 2021 hoofsaaklik op aansoek-genererende aktiwiteite gefokus het, het die SSW ook skakeling met skole as deel van sy aktiwiteite vir studentewerwing gefasiliteer. Hierdie skakeling het aanlyn asook in-persoon plaasgevind, en het gewissel van die tradisionele skoolbesoek-aanbiedings en uitstallings tot vooraf opgeneemde video's, gevolg deur 'n aanlyn vraag-en-antwoord-sessie. Daarbenewens was die SSW ook deel van aanlyn uitstallings en oueraande wat deur skole aangebied is. Van Maart tot Junie 2021 het interaksies met 260 skole in sewe provinsies plaasgevind.

Hierdie skakeling met skole het 'n padskou deur die US se Rektor en Visekanselier, prof Wim de Villiers, ingesluit. Hy was in Mei 2021 gasheer vir skoolhoofde en twee van hul studenteraadslede in Bloemfontein, Kimberley, Oudtshoorn en George. Die genoemde skole was strategies geïdentifiseerde toevoerskole asook nuwemarkskole.

Die gebeurtenis het 'n geleentheid gebied om die Universiteit te posisioneer, die persepsies van die US in die skoolmark aan te spreek en erkenning te gee vir die belangrike rol wat hierdie skole speel in die lewering van besondere akademiese talent vir toelating tot voorgraadse programme aan die US.

PROVINSIE	AANTAL SKOLE BEREIK	AANTAL LEERERS BEREIK
Oos-Kaap	26	2 363
Vrystaat	13	809
Gauteng	31	2 996
KZN	21	2 137
Noordwes	2	330
Noord-Kaap	18	1 166
Wes-Kaap	149	19 298
TOTAAL	260	29 099

Tabel 5: Aantal skole en leerders per provinsie bereik

TIPE SKAKELWERK	AANTAL SKOLE BEREIK
Ekspo (in-persoon)	39
Ekspo (aanlyn)	23
Inligtingstukke	28
Oueraand (in persoon)	2
Oueraand (aanlyn)	3
Vooraf opgeneemde video's (aanbieding op aanvraag gekyk)	118
Rektor se funksie	27
Skoolbesoek-aanbieding (in-persoon)	33
Skoolbesoek-aanbieding (aanlyn)	23
WhatsApp-groepe	63
TOTALE SKAKELWERK	359

Tabel 6: Tipes skakelwerk en die aantal skole bereik




KERN STRATEGIESE TEMA 4

Genetwerkte en samewerkende
onderrig en leer



Die institusionele doelstellings vir genetwerkte en samewerkende onderrig en leer is:

- Konsentreer op 'n leergerigte benadering tot onderrig, en bevorder terselfdertyd 'n holistiese begrip van onderrig en leer.
- Bevorder interdisiplinêre en interprofessionele onderrig en leer deur studente in staat te stel om aan 'n leergemeenskap deel te neem waar personeel en studente saamwerk om te leer, probleme op te los, navorsing te doen en te innoveer.
- Skep 'n instelling van voortdurende leer wat vaardig is in die medeskepping en uitruiling van kennis en insigte.
- Bevorder die professionalisasie van akademici in hulle onderrigrol, en die akademieskap van onderrig en leer.
- Ontwikkel 'n digitale strategie om as grondslag te dien vir digitale vaardigheid en die sinvolle integrasie van leertegnologieë in die strewende na 'n genetwerkte Universiteit wat studente, personeel en alumni betrek en inspireer.
- Brei die US se kennisaanbod uit om in nuwe studentemarkte se behoeftes te voorsien.
- Bevorder die voortdurende vernuwing van die Universiteit se akademiese programme deur middel van 'n sistemiese proses waarin bepaalde rolle en verantwoordelikhede duidelik aan verskillende rolspelers toegeken word.



Die VS: Strategie en Internasionalisering het gedurende die verslagtydperk die bereiking van hierdie institusionele doelstellings ondersteun deur middel van die aktiwiteite wat hieronder bespreek word.

4.1. HIBRIEDE MOBILITEITSNAAF

Die **Hybrid Mobility Hub** dien as 'n beherende struktuur vir globaal genetwerkte leer by die US. Die fokus gedurende die verslagtydperk was om kapasiteit te bou en kursusse vir globaal genetwerkte leer te ontwikkel. Wat kapasiteitsbou betref, speel die TU Dresden samewerkende internasionale, interdisiplinêre en interkulturele leerprojek (TUD-COIIIL) 'n belangrike rol. Dit word deur die Duitse akademiese uitruildiens (DAAD) befonds. Die TUD-COIIIL-middeltermyn-konferensie het van 23 tot 25 Maart 2021 plaasgevind.

Hierdie aanlyn konferensie is deur TU Dresden aangebied; deelnemers was personeel en studente van die onderskeie projek-vennote, naamlik TU Dresden, Shiraz Universiteit en die US. Twee eksterne evalueerders het ook die konferensie bygewoon om die vordering van die projek te monitor en te dokumenteer. Die konferensie het sterk gefokus op gemeenskapsbou binne die groter internasionale virtuele samewerkingsprojek (IVAC)

en die afhandeling van planne vir die lewering van uitkomst aan die einde van die projek. (Hierdie fase van die projek eindig in September 2021.) 'n Voorstel is gemaak om die finale konferensie van die IVAC-projek by die US aan te bied, afhangende van die Covid-19-risikolakke en reisbeperkings. 'n Aanlyn interkulturele bevoegdheidskursus word tans tussen TU Dresden en die US ontwikkel.

Gedurende die eerste semester van 2021 is twee globaal genetwerkte leerkursusse aangebied. Die eerste kursus is saam met Ohio Universiteit aangebied en het oor globale leierskap-ontwikkeling gegaan, met 'n spesifieke fokus op die ko-kurrikulum. Die tweede kursus, sosiale aktivering en betrokkenheid, is saam met UNC Charlotte aangebied. Hierdie kursusse sal as gevallestudies opgestel word en as voorbeelde van beste praktyk aangebied word vir US-lektore om toekomstige kursusse te ontwikkel.

4.2. AFRIKA DOKTORALE AKADEMIE

Die US se Afrika Doktorale Akademie (ADA) het ten doel om uitnemendheid in doktorsleer opvoeding op die Afrika-vasteland te koördineer en te versterk. 'n Opsomming van die ADA se aktiwiteite oor die verslagtydperk volg:

ADA-aanlyn somerskool: Die ADA aanlyn somerskool het 96 afgevaardigdes in vier kursusse gelok (Teaching in a digital World, Supervising a PhD by Publication, Academic Writing, Introduction to Mixed Methods) en is deur aanbieders van die US, KU Leuven en (vir die eerste keer) Cambridge Universiteit gefasiliteer. 'n Wêreldleidend navorser in die onderwys, prof. Tony Onwuegbuzie ('n A-gegradeerde wetenskaplike en professor by Cambridge), het die grootste kursus, met 31 afgevaardigdes, oor gemengde-metodesnavorsingsontwerpe en -metodes aangebied. Hierdie


skool het 'n uiteenlopende groep afgevaardigdes gehad met 13 lande (12 uit Afrika) wat verteenwoordig was, insluitend groter groepe afgevaardigdes uit Rwanda (ses as deel van die inisiatief vir ontlukende vakkundiges) en Namibië (sewe). Twee derdes van die afgevaardigdes by die ADA-lenteskool was van agt Suid-Afrikaanse universiteite en 63% was vroulik. 72% van die afgevaardigdes was ouer as 35 jaar en meer as 40% het reeds 'n doktorsgraad gehad, wat dui op 'n ouer en meer volwasse groep geleerdes in hierdie skool. Bykans 80% was voltyds in diens. Wat interessant is, is dat vier afgevaardigdes hul doktorsgrade aan internasionale universiteite buite Afrika onderneem het (Ecole Polytechnique Federale de Lausanne, Linköping Universiteit, Pennsylvania State Universiteit en die Universiteit van Massachusetts).

ADA-lente-oefenkamp 2020: 'n Klein lente-oefenkamp het van 26 tot 30 Oktober 2020 plaasgevind. Twintig afgevaardigdes het twee kursusse bygewoon, naamlik óf 'n weeklange werkswinkel met prof Ruth Albertyn (US, USB) oor "Writing an article during the final phases of the PhD", óf 'n tweedaagse werkswinkel oor "Grant Writing" met me Riana Coetsee (US, Departement van Navorsingsontwikkeling).

ADA-somerskool: Die ADA-aanlynsumerskool het oor drie en 'n half weke tussen 13 Januarie en 5 Februarie 2021 plaasgevind. Dit is die grootste en langste aanlyn skool tot hede, met 138 afgevaardigdes, en die 14 kort kursusse het 'n week langer as vorige skole geduur. Die meerderheid van die afgevaardigdes was afkomstig van Suid-Afrika, gevolg deur dié uit Kenia, Nigerië en Rwanda. Afgevaardigdes uit hierdie lande is geborg deur die Africa Centre for Scholarship (ACS) se inisiatief vir ontluikende vakkundiges (ESI-program). Afgevaardigdes was oor die geheel uit 20 lande afkomstig, 18 daarvan in Afrika. Die kursusse het verskeie onderwerpe

gedek, insluitend navorsingsontwerp en -metodologie, wetenskapkommunikasie, voorbereiding vir die PhD, die produktiewe PhD, etiek, scenario-beplanning, implementeringswetenskap, die sistematiese oorsig en akademiese skryfwerk. Die aanbieders was van die US, KU Leuven (België), Trinity College Dublin (Ierland), Cambridge Universiteit (Engeland), Michigan, Nebraska (VSA) en St Gallen (Switserland). Van die 138 afgevaardigdes was slegs ses nie ingeskryf nie of het reeds hul doktorsgrade behaal by die 39 universiteite wat verteenwoordig is. Internasionale, nie-Afrika-universiteite het die universiteite van Bath, Gent, Oslo, Linköping, Liege (EU), Liverpool (VK), asook Southwest Universiteit en die Universiteit van Chinese Akademie van Wetenskappe in China ingesluit. Die meerderheid (81%) van die afgevaardigdes was tussen 25 en 45 jaar oud en 62% was ingeskryf vir 'n doktorsgraad, met 79% op die doktorale baan: wisselend van voorbereiding vir 'n PhD tot die finale fase van studie. Die meerderheid van die afgevaardigdes was vroulik (57%), effens minder as vorige jare se skole.

NASIONALITEITE VAN AFGEVAARDIGDES VAN DIE SOMERSKOOI 2021



Grafiek 4: Land van oorsprong van afgevaardigdes van die ADA-somerskool 2021

ADA-herfsskool: Die ADA het van 3 tot 10 Mei 2021 sy eerste herfsskool en vyfde aanlyn skool aangebied, met 71 afgevaardigdes wat drie werksinkels bygewoon het. Die ADA het 'n eerste herfsskool vir Maart 2020 beplan, maar dit moes weens die Covid-19-pandemie en -inperkings gekanselleer word. Die skool het 'n tweedaagse werksinkel deur prof An Carbonez (KU Leuven) oor Graphics with R. en 'n inleiding tot ATLAS.ti v9 (dr Lauren Wildschut, US) oor drie dae ingesluit. Dit was die eerste twee werksinkels oor rekenaarondersteunde data-ontleding wat aanlyn by die ADA aangebied is. Die gewilde kursus oor akademiese skryfvaardighede vir doktorsale kandidate (me Selene Delpont, US) wat voorheen tydens somerskool 2020 aangebied is, is herhaal. Die meerderheid van die afgevaardigdes was van Suid-Afrika (70%), met die grootste internasionale groepe van Nigerië en Kenia. Uit die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes was die US die grootste groep (44% van die totaal), gevolg deur die Universiteit van Johannesburg (UJ). Die meerderheid afgevaardigdes was vroulik (68%). Meer afgevaardigdes

het in verhouding tot ander skole reeds 'n doktorsgraad gehad, maar dit is te wyte aan die postdoktorale groep geleerdes.

ADA Webinar Woensdae: Hierdie jongste inisiatief van die ADA, Webinar Woensdae, word maandeliks op die eerste of tweede Woensdag van die maand gehou en het in Februarie 2021 by die ADA-somerskool begin. Dit was 'n geleentheid om die US, US-personeel en ADA-aanbieders ten toon te stel, en om die ADA-profiel dwarsdeur die jaar en nie net in die aanloop tot die skole nie, te bevorder. Ses webinars is tot dusver gehou en dis ook 'n ander manier om die ADA-ervaring gratis aan alumni en potensiële afgevaardigdes te bied. ADA het tot hede tussen 100 en 170 deelnemers per webinar bereik. Die webinars het onderwerpe soos die skepping van 'n akademiese visie, datawetenskap en die relevansie daarvan vir ons in Afrika, en scenario-beplanning ingesluit. Die webinars word opgeneem en aangebied op die [ADA YouTube-kanaal](#), met opnames wat tot 386 kyke haal.

4.3. EENHEID VIR GEHALTEVERSEKERING VAN INTERNASIONALE KWALIFIKASIES

In 2019 het die Rektorat die vestiging van die US se eenheid vir gehalteversekering van internasionale kwalifikasies (*SU Unit for International Credentialing*, SU-UIC) goedgekeur as deel van US Internasionaal se Africa Centre for Scholarship onder leiding van prof Sarah Howie. Die eenheid speel 'n eksterne en interne rol van gehalteversekering ten opsigte internasionale en buitelandse kwalifikasies vanaf skoolvlak (insluitend die Internasionale Sekondêre Sertifikaat) tot nagraadse vlak. Die US het in Maart 2021 'n werkooreenkoms met die Independent Examination Board-International (IEB-International) aangegaan waarvolgens die Universiteit gehalteversekering sal toepas op 'n Afrika-gesentreerde internasionale skoolverlatingskwalifikasie wat internasionaal aangebied sal word. Die kwalifikasie staan bekend as die IEB-International se Internasionale Sekondêre Sertifikaat (ISC) en sal in 2022 beskikbaar wees, met die eerste eksamen wat aan die einde van 2022 afgelê sal word. Die ooreenkoms met IEB-International, die internasionale been van die Suid-Afrikaanse IEB, bepaal dat die IEB ten volle verantwoordelik sal wees vir die inhoud en implementering van die kwalifikasie en kommunikasie daarvoor. Die US sal verantwoordelik wees vir die gehalteversekering en sertifisering van die kwalifikasie. Die SU-UIC sal in die besonder die toesighoudende rol van eksterne gehalteversekering van die ISC-kwalifikasie vervul. Hierdie rol behels die

ontwikkeling en handhawing van alle verwante beleide en prosesse, en die vestiging van strukture. Dié strukture sluit alle relevante komitees in, soos die Komitee vir Oorsigbestuur van Gehalteversekering, die Subkomitee vir Kurrikulum en Assessering en die Subkomitee vir Standaardisering.

Die IEB-International ISC-kwalifikasie is die ekwivalent van die IEB Nasionale Senior Sertifikaat wat tans in Suid-Afrika en buurlande aangebied word. Hierdie kwalifikasie is deur Universiteite Suid-Afrika geëvalueer, en internasionale kandidate wat die IEB-International ISC met meriete of op 'n gevorderde vlak verwerf (en 'n plek aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit aangebied word), sal voldoen aan die minimum vereistes vir toelating om graadprogramme by Suid-Afrikaanse openbare en private hoërsonderwysinstellings te studeer. Die Komitee vir Oorsigbestuur van Gehalteversekering, met prof Hester Klopper (Viserektor: Strategie en Internasionalisering) as voorsitter, het vir die eerste keer op 3 Junie 2021 vergader. Hierdie komitee sal toesig hou oor die gehalteversekering van sleutelprosesse in IEB-International se ISC-kwalifikasie. Dit sal ook toesig hou oor SU-UIC se werk in verband met hierdie kwalifikasie, asook dié van die twee werkkomitees wat onderskeidelik met assessering en standaardisering te make het.



KERN STRATEGIESE TEMA 5

Navorsing vir impak

Die institusionele doelstellings vir navorsing vir impak is:

- Ontwikkel 'n navorsingsagenda wat op die US se waardes, die samelewing se behoeftes en die noodsaak van volhoubaarheid berus.
- Onderneem betekenisvolle navorsing op grond van uitgesoekte, toegespitste strategiese navorsingsgebiede.
- Rig die toekomstige navorsingsagenda en betrek ons belanghebbendes op 'n strategiese wyse.
- Onderneem samewerkende en interdisiplinêre navorsing wat die groot uitdagings van die samelewing die hoof bied.
- Skep 'n verankerde kultuur van innovasie en entrepreneurskap in ons navorsing.



Die VS: Strategie en Internasionalisering het gedurende die verslagtydperk die bereiking van hierdie institusionele doelstellings ondersteun deur middel van die aktiwiteite wat hieronder bespreek word.

5.1. ONTLUIKENDE AKADEMICI


Die US se Emerging Scholars Initiative (ESI) is 'n samewerkingsprojek wat fokus op twee strome (een vir doktorsale studente en die tweede vir personeellede in die vroeë loopbaan, wat almal as ontluikende akademici deur hul instellings geïdentifiseer). Die inisiatief bied kursusse aan wat verband hou met navorsingsmetodologie, toesig, akademiese skryf- en publikasievaardighede. Die kursusse word in samewerking met US-fasiliteerders en fasiliteerders van die vennootinstelling ontwerp.

Strathmore Universiteit: Die eerste aanbieding van die inisiatief vir ontluikende vakkundiges (Emerging Scholars' Initiative, ESI) se gesamentlike skool vir navorsing deur die ACS by US Internasionaal het by Strathmore Universiteit, Nairobi, Kenia plaasgevind. Dit was in die vorm van 'n aanlyn skool met drie kursusse, en 80 afgevaardigdes het dit van 12 tot 23 April 2021 bygewoon. Die skool het in die eerste week begin met "Grounding for Doctoral Fellows", waartydens doktorsale kandidate van Strathmore Universiteit saamgewerk het met drie US-fasiliteerders (prof Sarah Howie, dr Ruth Albertyn en prof Brigitte Smit) en vier fasiliteerders van Strathmore wat die kursus saam ontwerp en onderrig het. Die span is verder versterk deur die toevoeging van die ACS se senior koördineerder en ontwerper van gemengde leer, Lorene Mayoma.


In die tweede week het nog sewe fasiliteerders van albei universiteite saam gefasiliteer (van die US, drs Palesa Mothapo en Riana Coetzee, proff Liezel Frick, Susan van Schalkwyk en Sarah Howie, saam met kollegas van Strathmore se skole vir Geesteswetenskappe en Sosiale Wetenskappe, en Rekenaarkunde en Ingenieurswetenskappe, Instituut vir Wiskundige

Wetenskappe en Strathmore Besigheidskool). Kursusse in "Early Career Scholarship" en "Enhancing Postgraduate Supervision" is aan nog 40 personeellede van Strathmore aangebied. Die helfte van die afgevaardigdes het vir "Grounding for Doctoral Studies" ingeskryf, gevolg deur kleiner groepe vir "Enhancing Postgraduate Supervision" en "Early Career Scholarship". Vanweë die aard van die skool was daar 'n mengsel van afgevaardigdes wat as ontluikende vakkundiges beskou word, asook diegene wat saam met ontluikende vakkundiges gewerk het. Wat hulle fase van studie aanbetref, het meer as een derde reeds 'n doktorsgraad gehad, terwyl ongeveer 'n kwart vir 'n doktorsgraad ingeskryf was. Die meeste van hulle was in diens van Strathmore Universiteit en die res was studente aan die universiteit. Die skool was multi-en interdisiplinêr. Die grootste dissiplinêre veld wat deur die deelnemers verteenwoordig is, was bestuur en administrasie, gevolg deur sagteware en toepassing, en daarna finansies, bankwese en versekering.

'n Omvattende evaluering van die skool is uitgevoer, insluitend evalueringsvraelyste en besinning met die fasiliteerders en Strathmore-personeel wat die skool aanbied. Die terugvoer was baie positief en is saamgevat in een van die vrae in die vraelys, waarin deelnemers gevra is in watter mate hulle die kursus wat hulle bywoon, sou aanbeveel. In die geheel het meer as 90% van die afgevaardigdes hul kursus "baie hoog" of "hoog" aanbeveel, en vir alle kursusse was die aanbeveling "baie hoog" bo 80%. Die skool was belangrik vir die bou van vennootskappe tussen akademiese personeel, en vir leergeleenthede vir personeel van beide instellings deur die intense gesprekke en interaksies rondom vakkundigheid.



Grafiek 4: Ouderdomsprofiel van deelnemers aan die US-Strathmore Gesamentlike Skool 2021



Grafiek 5: Status van fase van studie van deelnemers aan die US-Strathmore Gesamentlike Skool 2021

Lagos-Stellenbosch Aanlyn Gesamentlike Skool:

Die tweede inisiatief vir ontluikende vakkundiges (ESI) se gesamentlike skool vir navorsing deur die ACS is saam met die Universiteit van Lagos, Nigerië, aangebied. Hierdie aanlyn skool het 'n kursus oor "Grounding for Doctoral Studies" aangebied en 69 afgevaardigdes het dit van 31 Mei tot 4 Junie 2021 bygewoon. In hierdie skool het doktrale kandidate van die Universiteit van Lagos saamgewerk met drie US-fasiliteerders en vier fasiliteerders van die Universiteit van Lagos, wat die kursus saam ontwerp en onderrig het. Dit was met behulp van sinchroniese en asinchroniese aanlyn leer op doktrale kandidate gemik, hoewel 'n kwart van die afgevaardigdes 'n doktorsgraad gehad het en net meer as die helfte vir doktrale studies ingeskryf was. Van diegene wat 'n doktorsgraad gehad het of vir een ingeskryf was, was meer as die helfte van die Universiteit van Lagos, terwyl die volgende universiteit met die hoogste verteenwoordiging die Universiteit van Maiduguri was, en die ander was grotendeels in Nigerië.

Die uitsonderings was universiteite in Benin, Kanada, China, Engeland en die VSA. Meer as twee-derdes van die afgevaardigdes was voltydse studente, wat die uitdagings waarvoor hierdie studente te staan kom, beklemtoon aangesien 73% van die afgevaardigdes ook voltyds in diens was; die helfte van hulle was lektore by die onderskeie universiteite (meer as 'n derde was werksaam by die Universiteit van Lagos). Alhoewel die skool multidissiplinêr was, was biologie, chemie, ekonomie en joernalistiek die mees verteenwoordigende dissiplines. Die Universiteit van Lagos het 'n aantal ander universiteite in Nigerië genooi om deel te neem, en gevolglik is die personeel en studente van agt ander universiteite ingesluit. Die skool was belangrik om geleenthede te skep vir US-personeel om saam met verskeie Nigeriese universiteite se akademiese personeel en studente te werk. Die ESI beplan nog twee skole vir 2021, met die derde skool wat in Augustus/September saam met die Universiteit van Rwanda plaasvind, en die vierde een in die laaste kwartaal van 2021.

5.2. MODEL VIR NAGRAADSE TOESIGHOUDING

Die model vir nagraadse toesighouding is in die laaste kwartaal van 2020 voltooi, is geïmplementeer en is goed deur gebruikers ontvang. Die model bied 'n interaktiewe oorsig van die geweegde toesighoudingslading per departement en/of akademiese personeelid met verloop van tyd, asook ander nuttige inligting uit verskillende oogpunte. Die relevante data word uit die nagraadse administratiewe ondersteuningstelsel getrek, omskep, aangevul en dan op die SUN-i-platform vir besigheidsintelligensie in 'n gebruikersvriendelike formaat as 'n model verpak, en toegang daartoe (met die nodige toestemming) kan uit Excel of die PowerBI™-paneelborde verkry word. Die doel van die model is om departementele voorsitters, fakulteitsbestuurders, vise-dekane, dekane en ander navorsingsverwante rolle te bemagtig deur bestaande inligting saam te voeg en aan te vul, en dit aan te bied op 'n manier wat verseker dat nuwe insigte vinnig ontsluit kan word. Die model is goed deur sleutelgebruikers ontvang en word reeds deur verskeie fakulteite gebruik om hul taak in hierdie verband te vergemaklik. Die volgende fase is om 'n bekendstelling en opleiding vir sleutelgebruikers in die betrokke PASD-omgewings aan te bied.

5.3. FATHUM-PROJEK

Die navorsingsprojek "Forecasts for Anticipatory Humanitarian Action" (FATHUM) behels drie lande, duur vir drie jaar (2017–2020) en staan onder leiding van Reading Universiteit in die Verenigde Koninkryk. Die doel is die versterking van voorspelling- en vroeë-waarskuwingstelsels in die Langeberg-munisipaliteit in die Wes-Kaap, die Teso-streek in Uganda en die Gaza-provinsie in Mosambiek. Hierdie multi-institusionele, interdissiplinêre projek poog om die voorspelbaarheid van voorspellings te verbeter, ingewikkelde ramprisiko-aandrywings te ondersoek, en voorspelling-gebaseerde finansiering-/aksiemeganismes te implementeer wat doeltreffende, gepaste en beduidende optrede voor 'n ramp moontlik maak. Die projek dra by tot vergelykende studies in die breër ontwikkelingskonteks deur van drie ramprisiko-kontekste gebruik te maak. Op plaaslike front sal die projek 'n impak op die gemeenskap van die Langeberg-munisipaliteit hê, aangesien dit maniere sal vind om vroeë waarskuwing te versterk.



KERN STRATEGIESE TEMA 6

Voorkeurwerkgever



Die institusionele doelstellings vir voorkeurwerkgewer is:

- Ontwikkel 'n omvattende mensestrategie vir die US wat diversiteit en billikheid aanspreek, unieke talente en sterk punte benut, lewenslange leer bevorder en prestasies vier.
- Versterk die welstand van ons mense deur 'n instaatstellende, inklusiewe, billike, gesonde en veilige werk- en leeromgewing te skep en te bevorder wat ons diverse personeel aanspoor om so produktief moontlik te wees, en waar hulle gewaardeer voel en tot die Universiteit se uitnemendheid bydra.
- Verbeter menslikehulpbronprosesse deur die toepassing van tegnologie en digitalisering.
- Ontwikkel en implementeer 'n vernuwende plan vir talentwerwing en -bestuur, met inbegrip van markverwante vergoeding, die bestuur en beloning van prestasie, die bepaling van bevoegdhede, en die ontwikkeling van talent en leierskap deur die hele loopbaansiklus van elke US-werknemer.
- Ondersteun die ontwikkeling van die US as 'n leerorganisasie wat op individuele sowel as organisatoriese behoeftes reageer.

Die VS: Strategie en Internasionalisering het gedurende die verslagtydperk die bereiking van hierdie institusionele doelstellings ondersteun deur middel van die aktiwiteite wat hieronder bespreek word.

6.1. SAMEWERKENDE VIRTUELE PASD-ONTWIKKELINGSPROGRAM

US Internasionaal en Lund Universiteit (LU) in Swede het in November 2020 die eerste virtuele PASD-ontwikkelingsprogram (professionele administratiewe steundienste) met sukses aangebied. Met die bedoeling om heelwat stof tot nadenke te wees, is alle verwagtinge oorskry met bykans 50 personeellede van die US en LU se ondersteuningspersoneel wat dit bygewoon het. Omvattende institusionele internasionalisering vereis dat alle ondersteuningspersoneel hulle as internasionaliseringspraktisyns op 'n sekondêre vlak beskou. Om hierdie sekondêre rol aan te neem, moet ondersteuningspersoneel verstaan wat die internasionalisering van hoër onderwys

beteken en die breë trekke van hul instelling se internasionaliseringstrategie ken. Die virtuele program het 'n kort oorsig hiervan gegee en was daarop gemik om ondersteuningspersoneel te motiveer om hul transformerende bydrae in hierdie verband te aanvaar.

Drie parallelle sessies is aangebied, asook 'n opvolgessie oor die SU-LU-besoek, 'n bespreking van die rol van internasionale praktisyns, en 'n interaktiewe interkulturele bevoegdheidsessie wat personeellede voorsien het van 'n inleiding tot interkulturele bevoegdheid en die samestellende komponente van interkulturele kommunikasie.

6.2. TOELAE VIR PERSONEELMOBILITEIT

Die Centre for Collaboration in Africa (CCA) het in September en November 2020 aansoeke aan die Africa Collaboration Grant (ACG) vir mobiliteitsverwante aktiwiteite aangevra. Voorgestelde aktiwiteite kon in die eerste semester van 2021 plaasvind. Weens Covid-19-beperkings is slegs vyf aansoeke van personeel in die fakulteite Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Ingenieurswese, Lettere en Sosiale Wetenskappe, en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ontvang. Ná 'n evalueringsproses is 'n totale bedrag van R157 000 toegeken. 'n Sekere mate van buigsaamheid was nodig, en begunstigdes is die geleentheid gebied om aktiwiteite tot die tweede semester van 2021 uit te stel. 'n Tweede beroep op aansoeke aan die ACG vir mobiliteitsaktiwiteite wat vir die tweede semester 2021 beplan is, is gepubliseer. In hierdie ronde is 11 aansoeke van die bogenoemde fakulteite ontvang, waarvoor 10 toekennings gemaak is. Die toekennings het 'n totale befondsing van R375 000 beloop. Weer eens, weens Covid-19-beperkings, was 'n mate van buigsaamheid nodig, en begunstigdes kon aktiwiteite uitstel na die eerste semester van 2022, indien nodig.

Ander bilaterale mobiliteitstoelaes buite Afrika is deur US Internasionaal toegeken – 'n ekstra R283 000 vir mobiliteite wat in 2020 sou plaasgevind het. Daar is besluit om die toelaes vir personeel mobiliteit wat in 2020 toegeken is, tot Junie 2021 te verleng. Gegewe die huidige situasie, oorweeg US Internasionaal dit egter om die toelaes tot Desember 2021 te verleng. Die toegekende toelaes sal uitbetaal word sodra die gasheerinstellings bevestig dat hulle die US-akademici op die nuwe voorgestelde datums kan akkommodeer.

Hoewel die US die reisverbod vir personeel amptelik opgehef het, is daar nasionale en land-spesifieke reisbeperkings vir potensiele bestemmings. Die jaarlikse beroep in 2021, wat gewoonlik in Februarie en Maart vir mobiliteite in die tweede semester geopen word, is uitgestel en US Internasionaal sal waarskynlik eers in September 2021 nog 'n ronde van aansoeke vir personeel mobiliteit in 2022 open.

6.3. SPA'S VIR MENSLIKE HULPBRONNE

Die IOB-afdeling is tans besig om operasionele KPI's vir die afdeling Menslike Hulpbronne (MH) te ontwikkel wat in lyn is met die US se strategiese raamwerk. IOB het in oorleg met MH-bestuur sewe kritieke areas vir ondersoek geïdentifiseer, en twee hiervan word tans as baie belangrik hanteer. Die bestaande werwing- en aanstellingsproses word tans ondersoek en gedokumenteer, waarna voorstelle vir KPI's geformuleer en geïmplementeer sal word. Om werknemers korrek en betyds te betaal is nog 'n prioriteitsvereiste wat tans waargeneem en aangeteken word. Ander KPI's vir die betaalstaatafdeling sal monitars vir doeltreffendheid en effektiwiteit insluit. Verbeterings aan huidige prosedures sal saam met die relevante belanghebbendes voorgestel word, waar en indien nodig. Die oorblywende vyf areas sal ondersoek word sodra beskikbare hulpbronne dit toelaat.

6.4. INISIATIEF VIR MH-DATAVERBETERING


Die werkgroep vir die ontsluiting van MH-data om geïntegreerde besluitneming te ondersteun is in Desember 2019 saamgestel om 'n meer intieme en kollegiale vennootskap tussen relevante MH-, IOB- en IT-belanghebbendes te skep om die omvang van MH-verwante data vir institusionele doeleindes te ontgin, verfyn en uit te brei. Die wedersydse behoefte aan so 'n werkgroep is in 2019 bevestig tydens die insameling van data en uitklaring van data-definisies vir nuwe MH-verwante SBA's. Daar is tydens hierdie proses agtergekom dat daar talle definisies en terminologieë is wat nog nie behoorlik uitgeklaar, gestandaardiseer of geïnstitusioneel is nie. Daarbenewens is verskille tussen sekere MH-data-items in die institusionele datapakhuis (SUN-i) en die bedryfstelsel van SUN-e-HR ontdek.

Die werkgroep is in Februarie 2020 gestig en bestaan uit twee afgevaardigdes van MH, drie afgevaardigdes

van IOB en twee afgevaardigdes van IT. Hulle vergader sedertdien maandeliks. Een van die belangrikste uitkomst van hierdie samewerking is dat die hoogste kwalifikasie van personeel nou 'n werklike weerspieëling is, en in 2021 was daar 'n toename van ongeveer 10% in die aantal akademiese personeellede met 'n doktors kwalifikasie. Nuwe stelselprosesse is ook getoets en ingestel om seker te maak dat personeel se kwalifikasies na elke gradeplegtigheid bygewerk word.

Die MH-afgevaardigdes het ook opleiding aangebied in die gebruik van die Oracle Business Intelligence Suite om MH-data tot in die fynste detail te ondersoek en om nuwe data-items of -groepeerings te identifiseer vir opname in die institusionele datapakhuis, wat tot verskeie verbeterings in hierdie verband gelei het. Hierdie samewerking was tot dusver baie voordelig en lonend en alle uitdagings is as 'n geïntegreerde span aangepak.

**PERMANENTE EN VASTETERMYN-AKADEMIESE
PERSONEEL MET DOKTORSGRADE**



Grafiek 6: Permanente en vastetermyn- akademiese personeel met doktorsgrade


6.5. KOMMUNIKASIE MET PERSONEEL

Nuusbriewe: Die KKBA het gedurende die verslagtydperk 249 boodskappe versprei, insluitend die weeklikse e-nuusbriewe vir personeel, info@StellenboschUni en news@StellenboschUni, Covid-19-verwante boodskappe, asook algemene boodskappe oor verskeie belangrike institusionele aangeleenthede, soos die herontwikkeling van die US-handelsmerk, resultate van die US se opname oor welsyn, kultuur en klimaat, en mededelings deur die Raad. Verskeie boodskappe in verband met sterfgevalle is ook onder die US-gemeenskap versprei.

Die Covid-19-verwante boodskappe, asook algemene mededelings is goed ontvang – die oopmaakkoerse wissel

tussen 62,4% en 75%, wat ver bo die bedryfstandaard is.

Kommunikasieveldtog: Om Werkersmaand te vier is 'n veelvlakkige veldtog, #ADayInTheLife, in Mei gekonseptualiseer en geïmplementeer om die werk van personeellede en hul dagtake uit te lig. Die veldtog het die plasing van 'n reeks artikels op die US-webwerf en sosiale mediakanale behels. Die reikwydte van en betrokkenheid by die veldtog op die US se sosiale mediaplatforms was hoog bo die Universiteit se gemiddelde reikwydte en betrokkenheid. 'n Plasing van PSO-koördineerder Jethro Georgiades het 'n reikwydte van 20 500 en 1 200 plasing-betrokkenes gehad, wat uitsonderlik hoog vir veldtogte is.




Figuur 21: Skermbeelde van twee plasings wat deel van die #ADayInTheLife-kommunikasieveldtog was.

Hierdie verslag, wat die tydperk September 2020 tot Augustus 2021 dek, poog om te demonstree wat die impak van die VS: Strategie en Internasionalisering was en die bydrae wat gelewer is om die doelstellings en doelwitte van die US se *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019-2024* te bereik. Ons geïntegreerde benadering het oor die afgelope jaar verseker dat ons voortdurend voortbou op die fondament wat met die instelling van hierdie VS in 2016 gelê is. Ons aktiwiteite op die gebied van strategie-ontwikkeling, geïntegreerde bemaking en kommunikasie, inligtings-oorsigbestuur en internasionalisering het waarde gevoeg tot die bereiking van die doelstellings en doelwitte wat die US vir homself op sy pad na die toekoms gestel het.

Die VS se strategiese prioriteite sal in die jaar vorentoe fokus op die herposisionering van die KKBA se uitgebreide mandaat, die implementering en monitering van die US Internasionalisering-strategie, die opname van strukture, data-integrasie, data-ontleding en besigheidsintelligensie regoor die instelling, en die implementering van aksies vir instaatstellende institusionele verandering en 'n waardegedrewe US.

Met die prestasies en vordering wat gedurende 2020/2021 gemaak is, is baie lesse geleer wat vir die VS en die US handig te pas sal kom in ons voortgesette strewe om 'n universiteit te bevorder wat tot diep in die volgende 100 jaar sistemies volhoubaar, behendig, responsief en relevant sal wees.

Forward Together | Sonke Siya Phambili | Saam Vorentoe



ADDENDUM

ADDENDUM A: NUWE EN HERNUDE OOREENKOMSTE WAT VAN AUGUSTUS 2020 TOT APRIL 2021 AANGEGAAN IS.

INSTELLING	LAND	NUUT/ HERNUWING	TIPE OOREENKOMS	VLAK VAN OOREENKOMS	OOREENKOMS BEGIN
Universiteit van Bern	Switserland	Nuwe ooreenkoms	Somerskool-ooreenkoms	Institusioneel	26/08/2020
Universiteit van Passau	Duitsland	Nuwe ooreenkoms	Studente-mobiliteit-ooreenkoms	Fakulteit	28/08/2020
Universiteit van Helsinki	Finland	Hernuwing	MvV, uitruil-personeel en -studente ingesluit	Institusioneel	26/06/2020
West Virginia Universiteit	Verenigde State van Amerika	Hernuwing	MvV, uitruil-studente ingesluit	Institusioneel	24/09/2020
George Mason Universiteit	Verenigde State van Amerika	Nuwe ooreenkoms	Uitruil-studente-ooreenkoms	Institusioneel	01/08/2020
Tampere Universiteit	Finland	Nuwe ooreenkoms	Memorandum van verstand-houding en uitruilstudente-ooreenkoms	Institusioneel	21/09/2020
Hohenheim Universiteit	Duitsland	Hernuwing	Memorandum van verstandhouding	Institusioneel	16/02/2021
Universiteit van Minho	Portugal	Nuwe ooreenkoms	Brief van voorneme	Fakulteit: Ingenieurswese	26/02/2021
Universiteit van Groningen	Nederland	Hernuwing	Memorandum van verstandhouding	Institusioneel	03/01/2021
Tsjeggiese Tegniese Universiteit Praag	Tsjeggiese Republiek	Hernuwing	Memorandum van verstandhouding en uitruilstudente-ooreenkoms	Institusioneel	08/03/2021
Afrika Skool van Ekonomie	Benin	Nuwe ooreenkoms	Memorandum van verstandhouding	Fakulteit: Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe	12/03/2021
Manchester Metropolitaanse Universiteit	Verenigde Koninkryk	Nuwe ooreenkoms	Memorandum van verstandhouding	Departement: Sosiologie en Sosiale Antropologie	19/03/2021
Sapienza Universiteit Rome	Italië	Nuwe ooreenkoms	Uitruil-studente-ooreenkoms	Institusioneel	23/01/2021
Universiteit van Trento	Italië	Nuwe ooreenkoms	Memorandum van verstandhouding en uitruilstudente-ooreenkoms	Institusioneel	26/03/2021
Ethiopiese Nagraadse Skool van Teologie	Ethiopië	Nuwe ooreenkoms	Memorandum van verstandhouding	Fakulteit: Teologie	31/03/2021
Stad Universiteit van Hong Kong	HKSAR, Republiek van China	Nuwe ooreenkoms	Uitruil-studente-ooreenkoms	Fakulteit: Ekonomiese en Bestuurs-wetenskappe	12/04/2021
Gerit Rietveld Academie	Nederland	Hernuwing	Uitruil-studente-ooreenkoms	Departement: Visuele Kunste	15/04/2021

